

**Besware teen die 2001-omdigting en die besluit van  
Sinode 2003 in hierdie verband**

Dr AH Bogaards

Besware teen die 2001-omdigting en die besluit van Sinode 2003 in hierdie verband .....	1
Dr AH Bogaards .....	1
1. Die besluit van Sinode 2003 insake die 2001-omdigting .....	7
2. Besware teen die besluit.....	8
3. Motivering van die besware onder punt 2.....	9
3.1. Beswaar 1: Die Sinodebesluit is in stryd met die Skrif. ....	9
Motivering: .....	9
3.1.1 Wat die Skrif ons leer .....	9
3.1.2 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif (3.1.1.) in deur sy talle weglatings van dele van die grondteks.....	13
3.1.2.1. Voorbeelde van weglatings:.....	13
3.1.2.2. Bylae A se begroning van die weglatings:.....	14
3.1.2.3. Kritiek teen Sinode 2003 se begroning van weglatings.....	14
3.1.3 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif (3.1.1.) in deur sy veranderings aan die inhoud van die grondteks .....	14
3.1.3.1. Voorbeelde van veranderings aan die inhoud van die Hebreeuse grondteks:.....	14
3.1.3.2. Kritiek: Sinode 2003 gee geen begroning vir die veranderings nie.....	15
3.1.4 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif in met sy gebruik van die Godsname.....	15
3.1.4.1. Motivering 6.1 van die sinode en kritiek daarteen.....	15
3.1.4.1.1. Motivering 6.1 van Sinode 2003.....	15
3.1.4.2. Kritiek teen motivering 6.1 van die sinode:.....	15
3.1.4.2. Bylae A oor die Godsname in die 2001-omdigting .....	16

3.1.4.2.1. Bylae A oor die Godname .....	16
3.1.4.2.2. Kritiek teen punt 2 van Bylae A .....	17
3.1.4.3. Die belangrikheid van die Naam HERE/Jahwe volgens die Skrif.....	17
a) In die Bybel sê 'n naam ontsaglik baie.....	17
b) Dit geld nog meer ten opsigte van die Name van God.....	18
c) Die Naam van die HERE en die derde gebod en die Onse Vader .....	21
d) Die Naam HERE in die Nuwe Testament .....	21
e) Die vervulling van die Naam HERE in die NT .....	23
3.1.4.4. Die Godname en die gereformeerde dogmatiek.....	25
3.1.5 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif in met sy hantering van die Wraakpsalms .....	26
3.1.5.1. Voorbeelde.....	26
3.1.5.2. Bylae A oor die Wraakpsalms .....	27
3.1.5.3. Kritiek teen punt 3 van Bylae A .....	28
3.1.6 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, berus nie op die grondteks nie en kom nie voort uit goeie eksegeese nie .....	28
3.1.6.1 Motivering 3 van die sinode .....	28
3.1.6.2 Kritiek teen hierdie motivering:.....	28
3.1.7 Sinode 2003 gaan met sy motivering 5.1 en 5.2 teen die 2001-omdigting in en daarmee ook teen sy eie besluite in verband met die 2001-omdigting.....	29
3.1.7.1 Motivering 5.1 en 5.2 van Sinode 2003.....	29
3.1.7.2 Kritiek teen hierdie motiverings: .....	29
Beredenering:.....	30
3.1.8 Sinode 2003 laat die Skrifverklaringsbeginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking los.....	30

3.1.8.1. Psalm 110 van die 2001-omdigting as voorbeeld: .....	31
a) "My Here" of "my koning"? .....	31
b) Ps.110: die direkte verband (Psalm 110 in die geheel) en die Ou Testament in die geheel .....	32
c) Ps.110:1: die Septuagint en die Nuwe Testament oor "my Here" .....	34
d) Tekste uit die Nuwe Testament .....	35
i) Matteus 22:41-46 (vgl. ook Mark.12:35-37 en Luk.20:41-44) .....	35
ii) Handeling 2:32-36 .....	38
iii) Hebreërs en Christus se hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek .....	39
iv) Hebreërs 1, Ps.110:1 en die Godheid van Christus .....	40
3.2. Beswaar 2: Die Sinodebesluit is in stryd met belydenis. ....	41
Motivering: .....	41
3.2.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis .....	41
3.2.2 Die Heidelbergse Kategismus .....	43
3.2.3 Tekste wat 'n groot rol speel in ons belydenisskrifte, is weggelaat in die 2001-omdigting .....	43
3.3. Beswaar 3: Die Sinode het die 2001-omdigting nie getoets aan die belydenis nie. ....	44
Motivering: .....	44
3.4. Beswaar 4: Die Sinodebesluit om van voetnotegebruik te maak, los nie die probleem met die Messiaanse Psalms op nie .....	45
Motivering: .....	45
3.4.1 Die digter self het uitdruklik verklaar dat hy die Messias uit die Psalms verwyder het.....	45

3.4.2 Sekere tekste wat in die Nuwe Testament op Christus betrek word, is heeltemal weggelaat uit die omdigting of so verander, dat die verband met die aanhaling in die Nuwe Testament nie meer gesien kan word nie .....	45
Enkele voorbeelde:.....	45
3.4.3 Meer Psalms as maar net die sogenaamde Messiaanse Psalms word geraak ..	48
Enkele voorbeelde:.....	48
3.4.4 Gevolgtrekking: .....	48
3.5. Beswaar 5: Die Sinodebesluit is in stryd met ander sinodebesluite.....	49
Motivering: .....	49
3.6. Beswaar 6: Onjuiste mensbeeld .....	50
3.6.1. Slegs enkele voorbeelde.....	50
3.6.2. Gevolgtrekking .....	52
3.7. Beswaar 7: Die 2001-OMDIGTING en die eenheid van die Skrif.....	53
3.7.1. Inleidend .....	53
3.7.2. Verband tussen Psalms onderling .....	53
3.7.3. Verband tussen die Psalms en res van die Ou Testament.....	54
3.7.4. Verband tussen die Psalms en die Nuwe Testament.....	55
3.7.5. Gevolgtrekking .....	56
3.8. Beswaar 8: Die verbond.....	57
3.8.1. Die 2001-OMDIGTING is nie verbondsmatig nie .....	57
3.8.2. Nog enkele voorbeelde daarvan.....	57
3.8.3. Gevolgtrekking .....	59
3.9. Beswaar 9: Weinig respek vir die Bybelse geskiedenis en name. ....	60
3.9.1. Inleiding .....	60
3.9.2. Voorbeelde.....	60

3.9.3. Gevolgtrekking .....	62
BYLAE A van Sinode 2003 – Kritiek op die Nuwe Afrikaanse Psalmberyming .....	62
1. Algemene opmerkings oor die aard van omdigting .....	62
2. Godsname .....	75
3. Wraakpsalms.....	76
4. Verbond .....	77
5. Weglatings en Byvoegings .....	79
6. Messiaanse Psalms .....	80

## **1. Die besluit van Sinode 2003 insake die 2001-omdigting**

### **Die besluit lui:**

"3.2.2 Dat die 1936-beryming saam met die 2001-omdigting in een bundel uitgegee word en vir gebruik in die eredienste aanbeveel word. Die gebruik van beide word met inagneming van art 69 KO aan die oordeel van die plaaslike kerk oorgelaat.

3.2.3 Dat in die Psalm bundel, by sowel die 1936-beryming as die 2001-omdigting, die openbaringshistoriese verband met die Messiaanse vervulling Psalms met voetnote aangedui word ooreenkomstig die riglyne in Bylae D".

### **Sinode 2003 motiveer die besluit so:**

"1. Net soos met die vertalingsproses van die 1983-Bybelvertaling, het die Sinode 1985 besluit om deur middel van Deputate aan die daarstelling van 'n nuwe psalmberyming mee te werk. Die GKSA het dus deur kundige insette die proses van omdigting ondersteun en voortdurend beoordeel.

2. In 1985 is die 1983-Bybelvertaling vir gebruik in die kerke aanbeveel en nie "goedgekeur" nie.

3. Die medewerkers lewer getuienis dat die grondteks en die eksegeese daarvan vir die digters en die Kommissies wat saam met hulle gewerk het, deurslaggewend was. Elke omdigting rus in die eerste plek in eksegeese en is 'n omdigting wat herhaaldelik nagegaan is.

4. Naas die betrokkenheid by die proses van omdigting het die Deputate kommentaar van die kerke aangevra. Heelwat kommentaar is ontvang. Die Kommissie het dit nagegaan en oordeel dat die Deputate aandag aan al die kommentaar gegee het en dat Bylae A 'n bondige verwerking en beredenering van die kommentaar is.

5. Die "Messiaanse besware" dra gewig (vgl.5.2 hieronder), maar kan om die volgende redes nie as deurslaggewende beswaar dien om die 2001-omdigting af te keur nie:

5.1 Die hele Ou Testament dra 'n Messiaanse karakter wat die lyn van die openbaring al helderder laat oopgaan tot in die Nuwe Testament. Die Heilige Gees het hierdie weg gevolg in die Ou Testament. Ons moet die weg respekteer wat die Heilige Gees gebruik het. Daarom is die Ou Testament omgedig soos hy homself aanbied.

5.2 Aan die Beswaarskrif insake Messiaanse verkondiging van die Ou Testament is nie gevolg gegee nie (3).

5.3 'n Voetnoot kan die openbaringshistoriese verband met die Messiaanse gebruik van sekere Psalms in die Nuwe Testament aandui (vgl.2.3.3).

6. Die beswaar oor die "Godsname" kan om die volgende redes nie as deurslaggewende beswaar dien om die 2001-omdigting af te keur nie:

6.1 Die poëtiese vormgewing, rym, taalritme, fraselengtes, en musikale reëls maak dit noodwendig dat die digter, net soos in die 1936-beryming, dikwels 'n alternatiewe Godsnaam moes kies.

7. Wat al die ander besware betref {vgl Bylae A} oordeel die kommissie dat dit eweneens nie deurslaggewend is vir die afwys van die 2001-omdigting nie.

**Besluit:** Goedgekeur".

Let wel:

**Die motiverings en Bylae A is deel van die besluit.**

## **2. Besware teen die besluit**

2.1 Die Sinodebesluit is in stryd met Skrif.

2.2 Die Sinodebesluit is in stryd met die belydenis.

2.3 Die Sinode het nie die omdigting getoets aan die belydenis nie.



2.4 Die Sinodebesluit om van voetnote gebruik te maak, los nie die probleem met die Messiaanse Psalms op nie.

2.5. Die Sinodebesluit is in stryd met ander sinodebesluite.

### 3. Motivering van die besware onder punt 2

#### 3.1. Beswaar 1: Die Sinodebesluit is in stryd met die Skrif.

##### Motivering:

##### 3.1.1 Wat die Skrif ons leer

Onder andere die volgende tekste is ter sake:

- **Ef.5:18-21; Kol.3:15-17**

Die Heilige Gees beveel ons in hierdie Skrifgedeeltes dat ons Psalms moet sing. Daarmee bedoel Hy sonder enige twyfel *die Psalms in hulle geheel*.

In Efesiërs 5:18 staan: **Word met die Gees vervul**. Kolossense 3:16 sê dit 'n bietjie anders. In plaas van die bevel om met die Gees vervul te word (Ef.5:18), staan in Kolossense 3:16 die opdrag: **Laat die woord van Christus ryklik in julle woon**. Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:18 is nie in stryd met mekaar nie, maar vul mekaar aan en laat dieselfde saak van Psalmgesang sien vanuit verskillende hoeke. Wie naamlik wil weet hoe die Gees werk (Ef.5:18), mag nie die parallelle Kolossense 3:16 verbygaan nie: Hy in wie die Woord ryklik woon (Kol.3:16), is vervul met die Heilige Gees (Ef.5:18). Die Gees is die Gees van die Woord en die Woord is die Woord van die Gees. Die Gees werk deur die Woord en in die Woord kom die Gees na ons toe. Wie Gees-vervuld is, is Woord-vervuld en wie Woord-vervuld is, is Gees-vervuld.

**Word met die Gees vervul** beteken: om geheel en al in beslag geneem moet word deur die Heilige Gees, dit wil sê deur elke woord (ook elke Psalmwoord) van Hom. Kolossense 3:16 laat ons presies sien waarin die vervulling met die Gees

bestaan, wanneer ons daar beveel word: Laat die woord van Christus ryklik in julle woon. Die *ryklik* beteken dieselfde as vervul: in sy volheid, in volle maat.

Ons moet die frase *die woord van Christus* op twee maniere verstaan. Daarmee word eerstens bedoel: die woord wat deur Christus gegee is. Christus is die Skrywer daarvan. Tweedens leer dit ons wat die inhoud van hierdie woord is: Dit is die woord wat oor Christus handel. Christus is immers die woord (Jh.1) en Hy sê self dat die Psalms van Hom spreek (Lk.20:42 ; Lk.24:44).

Beide Efesiërs en Kolossense laat ons sien wat die vrug daarvan is as ons met die Gees vervul is en as die woord ryklik in ons woon: die sing van *psalms* en *lofsange* en *geestelike liedere*.

Met *psalms* en *lofsange* en *geestelike liedere* word die Psalms bedoel.

Dat met aldie die uitdrukkings psalms (Grieks: psalmos), lofsange (Grieks: humnos) en geestelike liedere (Grieks: oide) die Psalms bedoel word, is duidelik wanneer ons sien dat die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuagint, die Psalms soms psalms noem (vgl. Ps.3:1; 5:1), soms lofsange (Ps.65:2; 40:4) en soms liedere (al die bedevaartsliedere, Ps.121-134). Soms word een Psalm selfs met aldie die woorde beskryf, byvoorbeeld Psalm 67:1 (Septuagint 66: "onder die lofsange, 'n psalm, 'n lied") en Psalm 76:1 (Septuagint 75: "onder die lofsange, 'n psalm van Asaf, 'n lied").

Paulus se lesers het die Septuagint geken. Hulle het presies geweet wat met psalms, lofsange en (geestelike) liedere bedoel word: die Psalms. Hulle het die taal van die Psalmboek (die opskrifte, ens., van die Psalms) in Efesiërs 5 en Kolossense 3 gehoor.

Ook die beroemde, reformatoriese Kanttekening by die Statenvertaling wys op die verband tussen die *psalms* en *lofsange* en *liedere* en die opskrifte van die Psalms.

Maar in Efesiërs 5 en Kolossense 3 is daar meer wat daarop dui dat met psalms, lofsange en geestelike liedere die Psalms bedoel word. Dit is naamlik so dat ook die woorde *sing* en *psalmsing* en die *tot eer van die Here* Psalmtaal is. Dit is

uitdrukking wat aan die Psalms ontleen is. Dit is Psalmterminologie. Die drie (sing; psalmsing; tot eer van die Here), en dikwels twee van die drie, kom menigmaal saam voor in die Psalms (Ps.27:6; 68:33; 98:1; 104:33. Vgl. verder Ps.9:12; 13:6; 30:5; 95:1; 96:1, 2; 98:5; 147:7; 149:1 ).

In Efesiërs 5 en Kolossense 3 het ons dus nie te make met 'n bevel om nuwe liedere maak nie, maar om te sing, te spreek dit wat voorhande is, naamlik die Psalms.

Ook die woord *geestelike* in die frase "geestelike liedere" bevestig dit. Die woord "geestelik" moet hier nie verstaan word in die algemene sin van godsdienstige liedere nie. Die woord dui op die herkoms van die liedere: van die Heilige Gees afkomstig, dus geïnspireerd en nie maar bloot vrye liedere wat deur mense gedig is nie. B.B.Warfield, die groot Calvyn-kenner, wys daarop "dat die woord geestelik van die 25 keer wat dit gebruik word, nooit een keer afdaal tot die vlak van die menslike gees nie. In 24 van die 25 gevalle is dit afgelei van Gees (pneuma). In die betekenis van behoort aan, bepaal deur die Heilige Gees, is die NT eenvormig in sy betekenis van hierdie woord op een uitsondering na, nl. Ef.6:12, waar dit verwys na die hoër, bo-menslike intellek. Die gepaste vertaling is in elke geval: "Gees-gegee, Gees-gelei, Gees-bepaal". Ook Kittel (TDNT) verstaan dit so.

Dit is ook moontlik om die *geestelike* te laat slaan op *psalms* en *lofsange* en nie alleen op liedere nie. Dit is heeltemal in lyn met die Griekse taalreëls (sintaksis).

Die woord *ander* ("ander geestelike liedere") in die 1983-vertaling staan nie in die grondteks nie.

In Efesiërs en Kolossense kry ons baie duidelik die opdrag tot die sing van die Psalms. Dit is ook nie moontlik om dit so te verstaan dat maar net 'n gedeelte van die Psalms bedoel word nie.

- **2 Tim.3:15,16**

In vers 15 sê die Heilige Gees: Die Skrifte, waarby die Psalms ingesluit is, kan wys maak tot saligheid, omdat dit ons die weg van geloof in Jesus Christus leer. Juis hierdie inhoud maak die Psalms so kosbaar.

Die *hele* van vers 16 sluit sekerlik ook die hele Psalmboek in: elke vers en elke woord daarvan. God self, die Skrywer van 2 Timoteus, sê: Die hele Skrif is *deur God ingegee* en dat dit daarom *nuttig* (voordelig, bevorderlik) is. Waartoe dit nuttig is, sê die laaste deel van die vers: "tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid".

Hierdie teks laat geen ruimte vir die mens om te besluit oor wat nuttig is en wat nie nuttig is nie. Ons het hier die Bybelskrywer, die Skrywer van 2 Timoteus, die Heilige Gees, se oordeel oor die hele Skrif. Die Heilige Gees self leer: Die hele Skrif is van Goddelike herkoms en die hele Skrif is nuttig.

Na hierdie oordeel van die Skrywer moet geluister word en juis hierdie oordeel van die Skrywer maak dit onbegryplik as dele van die Psalm nie omgedig word nie.

- **Deut.12:32 en Op.22:19**

*Niks* van die Woord – die Psalms ingesluit - mag weggelaat word nie. Dit is God se uitdruklike bevel in hierdie tekste.

Ook ons belydenis (NGB Art.7) pas Deut.12:32 op die Bybel in die geheel (die geïnspireerde Psalms ingesluit) toe.

**Opmerking:** As met Ef.5:18-21, Kol.3:15-17, 2 Tim.3:16, Deut.12:32 en Op.22:19 bewys word dat ons elke Psalm en elke vers en woord daarvan gesing moet word, word daarmee nie gesê dat dit woord vir woord (d.w.s. met Hebreeuse woorde en woorde, net soos wat dit daar staan) berym moet word nie. Wat wel bedoel word, is dat elke teks berym moet word. Daar mag nie tekste of woorde weggelaat (onberymd gelaat) of aan die inhoud daarvan verander word nie.

### 3.1.2 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif (3.1.1.) in deur sy talle weglatings van dele van die grondteks

#### 3.1.2.1. Voorbeelde van weglatings:

- **Voorbeeld 1: Ps. 37: 9, 11, 22, 29 en 34**

Die belofte aan die gelowiges dat hulle die aarde sal besit, kom vyf keer in Psalm 37 voor (vv. 9, 11, 22, 29 en 34). Dit dui op Jesus se saligspreking in Mattheus 5:5: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe". Die 2001-omdigting het dit nie eenmaal omgedig nie.

- **Voorbeeld 2: Ps. 106:13-18, 23, 26-43**

Die grootste gedeelte van hierdie Psalm is weggelaat. Van Moses se voorspraak, sy middelaarswerk (v.23), is daar geen sprake nie. Die toorn en straf van die HERE teen sy volk (vv.15, 17-18, 23, 26, 27, 29-30, 32, 40-42.) word absoluut verswyg. Die 2001-omdigting gee hier 'n valse beeld van God, want die HERE word in die omdigting voorgedhou as 'n God wat maar net vergewe en nooit straf nie. Al wat die 2001-omdigting in sy vers 6 kan sê, is: "Sy liefde is .... bo die mens se kwaad verhewe".

- **Voorbeeld 3: Psalm 136:**

5 verse (vv.10, 12, 15, 19 en 20) word heeltemal weggelaat. Gebeurtenisse wat in die heilsgeskiedenis uitstaan en herhaaldelik in die Bybel vermeld word (die tref van die eersgeborenes, Farao wat in die Skelfsee gestort word, die wonderlike oorwinnings oor die magtige konings Sihon en Og), word heeltemal weggelaat. Die opmerkings dat Sihon en Og "groot konings" (v.17) en "geweldige konings" (v.18) was, word nie in die omdigting genoem nie – dit terwyl Deuteronomium 2-3 juis die indruk gee wat se sterk en geweldige konings die twee was en dat die HERE hulle tog verslaan het tot troos van sy volk.

### 3.1.2.2. Bylae A se begronding van die weglatings:

In Bylae A (Handelinge 2003, p.656, punt 5) sê die sinode: dat "die Nuwe Beryming eerder *opsom*, veral by lang historiese Psalms en Psalm 119 ... By die verkorting het die Nuwe Beryming *gepoog om die hooflyne* van die Openbaringsgeskiedenis of die gedagtegang *te behou*" (p.279) (kursivering van AHB).

### 3.1.2.3. Kritiek teen Sinode 2003 se begronding van weglatings

1. In Ps.106 word juis *hooflyne weggelaat*: Moses se middelaarswerk en die toorn van die HERE. Die omdigting van Ps.106 is geen getroue *opsomming* nie. Dieselfde kan gesê word van Ps.37 (die belofte dat die ootmoediges die aarde sal beërwe, word verswyg) en Ps.136 (weglating van groot gebeurtenisse). Nie in een van hierdie drie Psalms word die gedagtegang behou nie.

Dit is duidelik dat die 2001-omdigting in hierdie voorbeelde nie die hooflyne of gedagtegang in hierdie Psalms behou het nie en dat die argument in Bylae A nie water hou nie. Hier is geen sprake van bloot maar net 'n opsomming nie, maar *weglatings van hooflyne en ook verandering aan hooflyne*.

2. Verder moet gestel word dat dit nie vir die mens is om te bepaal wat hoofgedagtes is en daarom behou mag word in 'n omdigting en wat nie 'n hoofgedagte is nie en dus maar uitgelaat mag word nie. Dit is 'n gedagte wat in stryd is met Skrif (vgl. 3.1.1) en belydenis (3.1.2).

### 3.1.3 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif (3.1.1.) in deur sy veranderings aan die inhoud van die grondteks

#### 3.1.3.1. Voorbeelde van veranderings aan die inhoud van die Hebreuse grondteks:

- Voorbeeld 1: Ps.11:5

Die 2001-omdigting lui: "Hy (dit is God) haat die onreg en geweld". In die oorspronklike staan egter dat die HERE die goddelose en die wat geweld liefhet, haat en nie bloot maar net die onreg en geweld nie.

- **Voorbeeld 2: Ps.31:7**

Die 2001-omdigting lui: "Vir afgodediens het ek veragting". Die oorspronklike lui egter nie dat die afgodediens nie, maar wel dat die afgodediensnaars voorwerp van Dawid se haat - en nie maar net veragting nie –is.

### **3.1.3.2. Kritiek: Sinode 2003 gee geen begroning vir die veranderings nie**

Sinode 2003 verantwoord hom nie oor hierdie veranderings aan die inhoud van die grondteks nie. Dit is wel deur dr AH Bogaards onder die Deputate Liturgiese Sake se aandag gebring.

### **3.1.4 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif in met sy gebruik van die Godsname**

#### **3.1.4.1. Motivering 6.1 van die sinode en kritiek daarteen**

##### ***3.1.4.1.1. Motivering 6.1 van Sinode 2003***

Die sinode wys die beswaar oor die "Godsname" af en voer die volgende redes aan waarom dit nie as deurslaggewende beswaar kan dien om die 2001-omdigting af te keur nie: "6.1 Die poëtiese vormgewing, rym, taalritme, fraselengtes, en musikale reëls maak dit noodwendig dat die digter, net soos in die 1936-beryming, dikwels 'n alternatiewe Godsnaam moes kies".

##### ***3.1.4.2. Kritiek teen motivering 6.1 van die sinode:***

1. Geen Skrifgronde word in hierdie motivering gegee waarom die beswaar oor die Godsname nie deurslaggewend is nie. Daar word slegs verwys na "poëtiese vormgewing, rym, taalritme, fraselengtes, en musikale reëls" wat dit vir die digter

noodwendig maak om dikwels 'n alternatiewe Godsnaam te kies. Die dwang van die Woord en die eis van die Heilige Skrif kom nie ter sprake nie.

Die 2001-omdigting se omgaan met die Godsname word verder goedgepraat met die frase "net soos in die 1936-beryming". ***Die vraag is nie wat die Skrif sê nie, maar wat die Ou Beryming gedoen het.***

2. In die vorige motivering (5.1) sê Sinode 2003: Ons moet die weg respekteer wat die Heilige Gees volg en ons moet die Ou Testament (Psalms?) omgedig soos hy homself aanbied. ***Hierdie beginsel word egter nie in motivering 6 in ag geneem nie.***
3. Dit sou geen probleme ten opsigte van poëtiese vormgewing, rym, taalritme, fraselengtes, en musikale reëls geskep het, as die Naam HERE i.p.v. Here gebruik sou word nie.

### **3.1.4.2. Bylae A oor die Godsname in die 2001-omdigting**

#### ***3.1.4.2.1. Bylae A oor die Godsname***

Bylae A (punt 2, p.653-4) sê die volgende oor die Godsname:

"Dit gaan in die betrokke beswaar daarvoor dat die onderskeid in die Name Jahwe en Adonai nie in die Nuwe Beryming gehandhaaf is nie en dat God soms gebruik word waar Jahwe/Adonai staan of Here/Heer waar Elohim staan. Die basiese beginsel is dus dat die onderskeid tussen die drie name in 'n beryming van die Psalms konsekwent gehandhaaf moet word. In die opsig wys heelwat van die beswaardes na besluite van die Sinode in die verband (vgl Bundel Kommentaar: 4, 37, 45, 54, 63, 86, 88-89, 107, stuk dr. Bogaards –AB7 e.v., 44) en word die kritiek verbind aan soortgelyke kritiek teen die Nuwe Vertaling.

Wat die Nuwe Vertaling betref, was die saak van die onderskeid tussen Jahwe en Adonai een van die kritiekpunte teen die vertaling in die Beswaarskrif wat teen die Nuwe Vertaling voor die Sinode van 1998 gedien het. Alhoewel die Sinode in 1991 (Acta 122) meriete in die beswaar gesien het, is dit nie beskou as genoegsame rede om die betrokke beswaar teen die vertaling te handhaaf nie.



Soos bo gestel, kan die beginsel ook aan die Ou Beryming getoets word. Dit is wel so dat die Ou Beryming HERE/HEER vir Jahwe gebruik; Here/Heer vir Adonai en God vir Elohim. In beginsel word die onderskeid wel gehandhaaf, maar uit 'n kort steekproef blyk dit spoedig dat die onderskeid nie konsekwent gehandhaaf word nie...".

#### ***3.1.4.2.2. Kritiek teen punt 2 van Bylae A***

1. Ook hier word die kritiek teen die 2001-omdigting nie vanuit die Skrif weerlê nie.
2. Teenoor hierdie standpunt van Sinode 2003 moet op grond van die Skrif gestel word: Die Heilige Gees self het die onderskeid in Godsname in die OT gegee en sy werk moet gerespekteer word.
3. Daar word verkeerdelik verwys na die besluite van vorige Sinodes oor die Godsname, want in daardie sinodes het dit slegs gegaan oor die onderskeidend vertaal van die Name Here (Adonai) en HERE (Jahwe). In die kritiek teen die 2001-omdigting gaan dit egter daarom dat *al* die Godsname deurmekaar en nie volgens die Skrif gebruik word nie.
4. Boonop het Sinode 1991 (p.114) besluit "dat die Sinode ten sterkste tot die Bybelgenootskap vertoë rig dat in Bybelvertalings 'n onderskeidende gebruik van die Godsname Jahwe (HERE) en Adonai (Here) moet geld". Hierdie besluit word verswyg in die argumentasie in hierdie punt van Bylae A.
5. Ook hier wil die sinode die 2001-omdigting se gebruik van die Godsname aan die die 1983-vertaling en die 1936-beryming toets en foute van die 2001-omdigting goedgepraat en regverdig met foute in die 1983-vertaling en die 1936-beryming. Maar nie die 1983-vertaling en die 1936-beryming is die toetssteen nie, maar wat in die Hebreeuse grondteks staan en een fout maak 'n ander fout nog nie reg nie.

#### **3.1.4.3. Die belangrikheid van die Naam HERE/Jahwe volgens die Skrif**

*a) In die Bybel sê 'n naam ontsaglik baie*

Vir ons as Westerlinge sê 'n naam nie veel nie. Die naam Koos sê byvoorbeeld nie iets oor Koos se karakter nie.

So was dit egter nie in die tyd van die Bybel nie. 'n Naam het geweldig baie gesê oor 'n persoon. Dit het gesê wat hy is en hoe hy is. Neem nou maar die naam Elia. Dit beteken: My God is die HERE. In daardie naam is Elia se hele lewe getipeer, want sy hele optrede en sy ganse lewe was een groot belydenis: Nie Baäl nie, maar die HERE is my God. Die Naam Elia het dus iets gesê oor wie en wat Elia was. Dit gee ons 'n kykie in sy karakter, in sy lewe, in sy optrede.

### ***b) Dit geld nog meer ten opsigte van die Name van God***

Dat 'n naam in die Bybel veelseggend is, geld nog des te meer wanneer dit by die Godsname kom. God openbaar Hom in sy Naam.

- **Die Naam HERE.**

Toe Moses kleinvee opgepas het vir sy skoonvader, Jetro, het die Engel van die HERE in 'n brandende doringbos aan hom verskyn en aan hom die opdrag gegee: Gaan na die Israeliete in Egipte en lei hulle uit die slawehuis uit (Eks.3:1-10).

In antwoord op God (die Engel van die HERE) se opdrag het Moses (Eks.3:13) aan Hom gevra: "Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam?—wat moet ek hulle antwoord?" Daarop het God Moses geantwoord: "Ek is wat Ek is. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: Ek is het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel medeel: Die Here, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks.3:13-15).

Dit is dus die betekenis van die Naam HERE: EK IS. Om hierdie woorde goed te verklaar, moet dit gelees word binne die verband waarin dit staan. Aan die einde van Eksodus 2 (vv.23-24) staan daar: "En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met

Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken". Die Naam EK IS beteken: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos en my eeue oue belofte aan Abraham (Gen.15:13-14: "Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in die land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed") dat Ek hulle in die beloofde land Kanaän sal bring, gestand te doen. Die Naam HERE sê dus wie en wat die HERE vir sy volk is. Dit spreek van sy verbondstrou. Die Naam verkondig dat God 'n waarmaker is van sy verbondsbeloftes aan sy verbondsvolk.

Eksodus 3 vers 13 tot 15 leer ons hoe belangrik die Naam HERE is. So belangrik is hierdie Naam vir die HERE en so belangrik is dit vir Hom dat ons sal weet wat dit beteken, dat Hy dit uitspel en verklaar: EK IS.

Daarby het die HERE ook gesê: "Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks.3:15). "Gedenknaam" (memorial, herinnering) leer ons iets oor die Naam. God gee sy HERE-Naam as 'n herinnering aan ('n gedenking van, 'n gedagtenis aan) sy verbondstrou.

Eksodus 3:15 en die uitdrukking gedenknaam weerklink telkens in die Psalms: Ps.30:5 ("Psalmsing tot eer van die HERE, o sy gunsgenote, en loof sy heilige gedenknaam"); Ps.97:12 ("o Regverdiges, wees bly in die HERE, en loof sy heilige gedenknaam!"); Ps.102:13 ("Maar U, o HERE, U bly tot in ewigheid, en u gedenknaam van geslag tot geslag"); Ps.135:13 ("o HERE, u Naam is tot in ewigheid, u gedenknaam, HERE, van geslag tot geslag!"). Ook die profete praat van die gedenknaam.. Jesaja.26:8 lui: "Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit".

Die Naam HERE is nie vir die HERE iets nikssegghends nie. Inteendeel, ***so belangrik is hierdie Naam HERE***

***= dat die HERE self in eie Persoon dit openbaar en***

***= dat die HERE self in eie Persoon dit verklaar.***

- **Die Naam Jesus**

In Matteus 1 vers 20 kom nie sommer 'n gewone bode, 'n menslike boodskapper, na Josef nie. Intendeel, 'n gesant uit die hemel, 'n engel, 'n boodskapper met 'n opdrag van God self, verskyn aan die man van Maria en sy van God gegewe opdrag lui: Josef moet die kind Jesus noem. Dit is veelseggend.

Die Naam van ons Verlosser sê so ontsaglik baie en is so belangrik, dat God self by monde van sy engel hierdie Naam Jesus nie alleen self gee nie, maar die Naam boonop motiveer en verklaar: "WANT dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Mt.1:21). Hy gee die rede vir die Naam (WANT) en die inhoud, die betekenis, van die Naam ("dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos").

*So belangrik is hierdie Naam*

- *dat die God dit by monde van sy engel gee*
- *én boonop verklaar.*

- **Die opvallende ooreenkoms tussen Eksodus 3 en Matteus 1**

Daar moet gewys word op 'n besondere en veelseggende ooreenkoms tussen Eksodus 3 en Matteus 1:

- *Eksodus 3*: Op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van Egipte verklaar die Engel van die HERE sy Naam: HERE, dit is EK IS. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: HERE, EK IS WAT EK IS.
- *Matteus 1*: Op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van die sonde verklaar die Here by monde van sy hemelse gesant die Naam Jesus: Hy is dit wat sy volk van hulle sondes sal verlos. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: Jesus - die HERE, Jahwe, EK IS, verlos.

*In sowel Eksodus 3 as in Matteus 1 kom die volgende ter sprake:*

- *Die openbaring van die Naam van die Verlosser deur God self én*
- *die verklaring van sy Naam deur God self.*

*Daar kan geen twyfel hieroor bestaan nie: Vir God is sy Naam belangrik.*

### *c) Die Naam van die HERE en die derde gebod en die Onse Vader*

Die Naam van die HERE is vir Hom belangrik:

- Vir Hom is dit so belangrik dat Hy in die *derde gebod* sê: "Jy mag die Naam van die HERE (Jahwe) jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie" (Eks.20:7).
- So belangrik is God se Naam, dat ons Here Jesus ons in die *Onse Vader* leer bid: "Laat u Naam geheilig word" (Mt.6:9).

So belangrik is GOD se Naam vir Hom, dat die eerbied vir hierdie Naam 'n saak van GEBOD EN GEBED is.

### *d) Die Naam HERE in die Nuwe Testament*

#### 1. Die na-analogie-van-die-NT-argument

Dit is duidelik dat die 2001-omdigting in sy omdigting van die Name HERE (JAHWE) en Here (Adonai) met Here beïnvloed is deur die 1983-vertaling van die Bybel.

As regverdiging vir en begroning van hierdie omdigting en vertaling voer voorstanders van die 1983-vertaling en die 2001-omdigting as argument aan: Wanneer die Nuwe Testament tekste uit die Ou Testament aanhaal, word sowel HERE (Jahwe) as Here (Adonai) sonder onderskeid "vertaal" met Here (Kurios). Daarom voel hierdie mense: *Na analogie (na aanleiding) van* dit wat die Heilige Gees self in die Nuwe Testament doen, mag HERE en Here albei met Here vertaal en omgedig word.

#### 2. Die onhoudbaarheid van die na-analogie-van-die-NT-argument

Hierdie na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument is egter onhoudbaar en wel om die volgende redes:

***A. Die standpunt dat die Naam HERE (Jahwe) deur NT skrywers "vertaal" is as Here (Kurios), is aanvegbaar.***

Dit is nie waar dat die Naam HERE altyd in die NT "vertaal" is as Here (Kurios) nie. Aan die kruis haal Jesus Psalm 31:6 ("In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE/Jahwe, God van trou") aan, maar dan roep Hy nie "HERE" (Jahwe) nie (soos dit in Ps.31 staan), maar in plaas van HERE (of Here/Kurios), sê Hy: VADER – "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!" (Lk.23:46).

Nog 'n voorbeeld is Ps.110:1a: "Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand". Die Nuwe Beryming dig dit so om: "Dit het die Heer belowe vir my koning...". Die vraag is egter: Kan dit werklik gesê word dat hierdie omdigting na analogie van die Nuwe Testament gedoen is? Na analogie van watter tekste in die NT? Waarom kies die omdigters na analogie van die NT wel Heer maar nie God nie? Want dit is waar dat Mt.22:44, Mk.12:36 en Hand.2:34 die Naam Here (Kurios) gebruik. MAAR met duidelike verwysing na Ps.110:1 word in die volgende tekste nie gepraat van die regterhand van die Here (Kurios) nie, maar van die regterhand van God (die Vader) (Mk.16:19; Heb.10:12), die regterhand van die Vader (Ef.1:20), die regterhand van die majesteit (Hb.1:3). Op grond waarvan kies die 2001- omdigting nou in Ps.110 Here en nie God, Vader of majesteit nie?

***B. As die na-analogie-van-die-NT-argument tot sy logiese konsekwensies gevoer word, sal nog duideliker blyk hoe onhoudbaar hierdie argument is.***

Dit is naamlik so dat die NT nie net wat die Godsname betref afwyk van die Hebreeuse teks van die OT nie. Ook in ander gevalle volg die NT nie die Hebreeuse teks van die OT nie, maar wel o.a. die Griekse vertaling van die OT (die Septuagint). Dit gebeur byvoorbeeld wanneer tekste uit die Ou Testament aanhaal. Een enkele voorbeeld kan ter illustrasie genoem word: Johannes 12:38b ("Here, wie het ons prediking geglo") haal Jesaja 53:1a ("Wie het geglo wat aan ons verkondig is?") aan. Daar is 'n duidelike verskil tussen dit wat in die Hebreeus staan en die teks soos dit deur Johannes aangehaal word. Johannes haal egter nie uit die Hebreeus aan nie, maar uit die Septuagint.

Die vraag is nou: Wanneer gaan die voorstaanders van die na-analogie-van-die-NT-argument dan ook daardie tekste in die OT vervang met die weergawe van die teks in die NT? As hulle konsekwent wil wees, moet hulle Jesaja 53:1a vervang met Johannes 12:38.

***C. Die Heilige Gees self het die onderskeid in Godname in sy alwysheid en alwetendheid so laat staan in die OT***

Die feit van die saak is: Die Heilige Gees self het die onderskeid tussen die Naam HERE en Here in die OT laat staan. Daarvoor moet ons eerbied hê.

Ons mag ook nie sy woorde in die NT (sy sogenaamde "vertaling" van die Naam HERE met Here) afspeel teen sy woorde in die OT nie. Dit is Hy – en nie 'n mens nie – wat die Naam HERE in die OT laat staan het – swart op wit. Ons sal moet besef dat die Heilige Gees net soveel in Psalms en in die hele OT as in die NT aan die woord is.

***e) Die vervulling van die Naam HERE in die NT***

Dit is noodsaaklik om dieper in te gaan op die vraagstuk dat die Naam HERE (Jahwe) nie in die Nuwe Testament voorkom nie. Is dit werklik waar dat die Naam HERE nie in die NT voorkom nie?

Dit is sekerlik so dat die Naam Jahwe nie as aparte woord in die Nuwe Testament voorkom nie. Dit moet 'n mens enersyds sê. Andersyds egter openbaar hierdie gedagte 'n absolute gebrek aan insig in die heerlike, openbaringshistoriese vervulling van die Naam HERE (Jahwe) in die Nuwe Testament.

Die Naam HERE staan nie in die Nuwe Testament nie, meen sommiges. Dit is egter nie waar nie. Intendeel, dié Naam staan op elke bladsy daarvan, want die Naam Jesus beteken: Die HERE (Jahwe) verlos. So ontsaglik belangrik en so veelseggend is die Naam HERE dat God self sy Kind, wanneer Hy na die aarde toe kom, nie sommer enige Naam gee nie, maar uitdruklik sê dat Hy Jesus - die HERE, Jahwe verlos - genoem moet word. Die Heilige Gees wil hê dat ons die verband, die openbaringshistoriese band tussen die Naam HERE en die Naam Jesus, moet sien. Telkens wanneer ons as Nuwe Testamentiese gelowiges hierdie Naam Jesus lees, hoor ons daarin die Naam HERE en word ons in die Naam Jesus herinner aan die Naam HERE en aan dit waarvan die Naam

HERE praat, naamlik van sy verbond en sy verbondstrou. In Jesus (die HERE verlos) ontmoet ek daarom op elke bladsy van die NT die Naam HERE en in die geboorte, lewe, lyding en sterwe van Jesus sien ek die Naam HERE uitgespel: die HERE is inderdaad EK IS, EK IS getrou, want Hy maak in die NT al sy beloftes waar. As ek die hele Bybel in een Naam moet saamvat en opsom, dan doen ek dit in hierdie een Naam: HERE. Wie sal dan durf sê dat die Naam HERE onbelangrik is?

Hierby moet ook die EK-IS-uitsprake van Jesus ( Joh.6:35; 8:12; 10:7-10; 10:11-16; 11:25-27; 14:6; 15:1) genoem word: EK IS die brood van die lewe, EK IS die lig van die wêreld, EK IS die goeie herder, ens. In hierdie EK-IS-uitsprake word vervul wat opgesluit lê in die Naam HERE, EK IS. Daarin kan 'n mens sien wat die Naam HERE beteken.

En is dit nie iets heel, heel besonders wanneer die wegbereider van die Christus gebore word, dat hy juis Johannes (die HERE/Jahwe is genadig) genoem word nie? Dwars teen die tradisie in kry die wegbereider die naam Johannes (Lk.1:59-63).

In hierdie name – Jesus en Johannes – word 'n verband tussen Ou en Nuwe Testament, tussen die Jahwe-Naam enersyds en die geboorte van wegbereider en Saligmaker andersyds, gelê.

In Jesus se hele lewe – in sy geboorte, lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart – word die Naam Jahwe vervul. In Christus openbaar God Homself as EK IS. Hy is aktief teenwoordig om sy beloftes te vervul en sy volk te verlos van sonde, duiwel en dood.

Hier moet ook nog op die frase in Openbaring (1:4, 1:8; 4:8; 11:17. Vgl. Ook 16:5) gewys word: "Hom wat is en wat was en wat kom". Dit is duidelik dat daarmee op die EK IS WAT EK IS (Eks.3:14) gesinspeel word. Die Griekse woorde "wat is" hier in Openbaring is presies dieselfde as wat die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik om die WAT EK IS van Eksodus 3:14 mee te vertaal. 'n Joodse geskrif (Targum Jonathan) se parafrasering van Eksodus 3:14 laat eweneens sien dat Openbaring 1:4 (e.a. plekke) teruggryp op Eksodus 3:14, want die Joodse geskrif parafraseer die EK IS WAT EK IS met die volgende sin: "Ek is wat ek was en sal wees". Hierdie frase in Openbaring, "Hom wat is en wat was en wat kom", leer sonder enige twyfel dat die Naam HERE in die Ou Testament nie 'n vergete Naam in die Nuwe



Testament is nie. Ook in Openbaring gaan die Here wys dat Hy die HERE is, EK IS WAT EK IS. Openbaring spel die Jahwe-Naam nog verder uit.

Sê iemand daarom: Jy het nie 'n teks in die Nuwe Testament om die HERE-Naam te bewys nie, dan antwoord ek: Ek het nie net 'n teks nie, maar die hele Nuwe Testament. Die ganse Nuwe Testament is 'n uitspel van die Naam HERE. Die hele Nuwe Testament is een groot vervulling van Eksodus 3 en in die Nuwe Testament sien ons die EK IS in sy vervulling. Hier, in die boeke van die Nuwe Verbond, word die openbaringshistoriese lyn van Eksodus 3 en die EK IS voortgesit en ontvou en vervul.

*Die Naam HERE beteken oneindig veel meer as wat ons dink.*

#### **3.1.4.4. Die Godsname en die gereformeerde dogmatiek**

In die gereformeerde dogmatiek (die leer van die kerk) is deur die eeue heen gesê: God openbaar Hom in sy Name. In elkeen van sy Name maak Hy iets van Homself bekend. Die dogmatikus Van Genderen (1992, p.133) skryf: God het Homself Name gegee om Hom te openbaar. Hy is wat sy Naam van Hom sê en Hy is dit heeltemal. Sy Naam staan dus vir Homself. Hy maak sy Naam aan ons bekend om so deur ons aangeroop te word en nie op 'n deur mense uitgedinkte wyse nie.

Met die wegdig en wegvertaal van die Naam HERE word nie die nodige erns gemaak met hierdie waarheid dat God Hom in sy Name openbaar nie.

Ons kan hierdie Naam HERE alleen weglaat as ons seker is dat dit niks sê en niks beteken nie. En wie sal dit, dwars teen die getuienis van die Heilige Gees in die Woord, durf sê?

### 3.1.5 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, gaan teen die Skrif in met sy hantering van die Wraakpsalms

#### 3.1.5.1. Voorbeelde

Die sinode sal hom moet verantwoord oor die volgende voorbeelde, want Bylae A (punt 3, p.654) kan nie 'n verantwoording genoem word nie:

- **Psalm 11:5**

Die 2001-omdigting dig om: "Hy (die HERE) haat die onreg en geweld". In die oorspronklike staan egter dat die HERE die goddelose en die wat geweld liefhet, haat en nie bloot die onreg en geweld nie. Die 2001-omdigting verander aan die grondteks. Dit is 'n poging tot versagting van wat daar eintlik staan.

- **Psalm 55:16,24**

Die woorde "Laat die dood hulle oorval, laat hulle lewendig in die doderyk neerdaal; want boosheid is in hulle woning, in hulle binneste ... Maar U, o God, sal hulle laat neerdaal in die put van vernietiging; manne van bloed en bedrog sal hulle dae nie tot op die helfte bring nie" is glad nie omgedig nie.

- **Psalm 56:8**

Die woorde "Werp volke neer in toorn, o God!" is in die 2001-omdigting glad nie omgedig nie. Die toorn en oordeel van God word die stilswye opgelê.

- **Psalm 73:27**

"Want kyk, die wat hulle ver van U af hou, vergaan; U roei almal uit wat van U afhoereer!" Dit is in die 2001-omdigting weggelaat.

- **Psalm 109**

Hierdie Psalm is met reg die *Psalmus Ischarioticus* (Iskariot-Psalm) genoem. Want Hand.1:20 ("Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woens word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat 'n ander een sy opsiensamp neem") haal Ps.109:8 (laat 'n ander sy amp neem) aan en pas dit toe op Judas Iskariot.

Die agtergrond van hierdie Psalm is die geskiedenis van Absalom se opstand en in die besonder Agitofel se verraad. Agitofel se verraad is 'n afskaduwing van en heenwysing na die verraad van Judas. Ons het in die Dawid-Agitofel-geskiedenis 'n afskaduwing en heenwysing na Christus en Judas.

In Ps.109:6-20 vra (bid) Dawid om die HERE se wraak oor Agitofel. Hy vra onder andere: Laat 'n ander sy amp neem (v.8).

***Die 2001-omdigting dig dit so om:***

2

*My liefde word begroet met haat;*

*terwyl ek bid, o Heer,*

*die goeie word vergeld met kwaad,*

**WRAAK WORD VIR MY BEGEER:** (LW: dubbelpunt en dan word gesê wat se wraak hul begeer)

3

*"As regter oor hom aangestel,*

*wil ons 'n booswig hê;*

*laat sy gebed selfs teen hom tel,*

*as klag teen hom gelê".*

4

*"Vind hom skuldig, vonnis hom,*

*straf dié wat hom bemin;*

*mag hy gou aan sy einde kom,*

*laat ly sy huisgesin." .....*

Die 2001-omdigting verander hierdie woorde (vv.6-20) so dat ons hier nie te make het met die (wraak)gebed van die Psalmdigter, Dawid, teen sy vyand, Agitofel, nie, maar dat dit in vv.6-20 gaan om wat die vyand se begeerte is ten opsigte van die Psalmdigter.

Dit is duidelik dat die 2001-omdigting 'n probleem met die wraakpsalm (-gebed) het. Dit pas blykbaar nie vir die omdigter in die mond van Dawid nie. Daarom lê hy dit liever in die mond van sy vyande.

### **3.1.5.2. Bylae A oor die Wraakpsalms**

In Bylae A (punt 3, p.654) sê die sinode:

"Dit mag wees dat in sommige gevalle dit (die wraakgedeeltes) nie sterk genoeg na vore kom nie, soos in die tweede beryming van Psalm 139, waar dit wel aan die orde kom in die eerste twee reëls van strofe 5, en glad nie soos die kritiek beweer nie".

### **3.1.5.3. Kritiek teen punt 3 van Bylae A**

1. Daar word sommer maklik-maklik oor die kritiek heen geloop, met stellings soos "Dit mag wees dat in sommige gevalle dit (die wraakgedeeltes) nie sterk genoeg na vore kom nie". Die feit van die saak is dat daar verander is aan die Woord van God en dit gaan teen Skrif en belydenis in (vgl. 3.1.1 en 3.1.2 van hierdie beswaarskrif).
2. Die eerste twee reëls van strofe 5 van die tweede beryming van Psalm 139 gee nie weer wat in die oorspronklike teks staan nie en daarop antwoord die sinode nie.

### **3.1.6 Die 2001-omdigting, wat die sinode aanbeveel, berus nie op die grondteks nie en kom nie voort uit goeie eksegesis nie**

#### **3.1.6.1 Motivering 3 van die sinode**

In motivering 3 verklaar die sinode:

"Die medewerkers lewer getuienis dat die grondteks en die eksegesis daarvan vir die digters en die Kommissies wat saam met hulle gewerk het, deurslaggewend was. Elke omdigting rus in die eerste plek in eksegesis en is 'n omdigting wat herhaaldelik nagegaan is".

#### **3.1.6.2 Kritiek teen hierdie motivering:**

Hierdie motivering van die sinode word weerspreek deur die talle die weglatings en veranderings in die 2001-omdigting, soos aangetoon in 3.1.2-3.1.6.

### 3.1.7 Sinode 2003 gaan met sy motivering 5.1 en 5.2 teen die 2001-omdigting in en daarmee ook teen sy eie besluite in verband met die 2001-omdigting

#### 3.1.7.1 Motivering 5.1 en 5.2 van Sinode 2003

- Motivering 5:1 lui: "*Die hele Ou Testament dra 'n Messiaanse karakter* (kursivering van AHB) wat die lyn van die openbaring al helderder laat oopgaan tot in die Nuwe Testament. Die Heilige Gees het hierdie weg gevolg in die Ou Testament. Ons moet die weg respekteer wat die Heilige Gees gebruik het. Daarom is die Ou Testament omgedig soos hy homself aanbied".
- Motivering 5.2 lui: "Aan die Beswaarskrif insake Messiaanse verkondiging van die Ou Testament is nie gevolg gegee nie (3)". Ten opsigte van hierdie Beswaarskrif het die Sinode 2003 (p.130) o.a. die volgende besluit: \*1.5.5 Daar behoort verder daarop gelet te word dat die GKSA ten volle die Ou Testament aanvaar as volledig Woord van God, geïnspireer deur die Heilige Gees. *In die Ou Testament word die komende Messias beloof* (kursivering van AHB), in 'n duidelike openbaringshistoriese lyn wat deur die eeue heen al helderder deurbreek, met sommige Ou Testamentiese tekste wat die openbaring oor die komende Messias tot 'n nuwe hoogte voer (bv Jes 9). Die bekende beeld, van 'n roosknop wat uiteindelik in al sy glorie oopgaan in die ontvoude roos, is vir ons 'n treffende vergelyking van ons verstaan van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. *Mens kan dus sê: die Ou Testament wys heen na Jesus* (kursivering van AHB), en vind ook sy volle vervulling in Jesus Christus. In Sinode 1991 se besluit oor vertaalbeleid, word gestel dat die Ou Testament waardig hanteer moet word, deurdat die groeiende openbaringshistoriese en heilshistoriese lyne van die Skrif gerespekteer word (vgl HK V/A 19). Besluit: Goedgekeur\*.

#### 3.1.7.2 Kritiek teen hierdie motiverings:

Dit is nie 'n motivering om die 2001-omdigting aan te beveel nie, maar dit is juis 'n motivering om die omdigting af te wys.

***Beredenering:***

In 'n onderhoud met Cloete in Rapport (4 November 2001) word berig: "Daar was die dominee wat hom (Cloete) kom spreek het oor Messiaanse verwysings in sekere psalms wat nou op grond van nuwe navorsing verwyder is". In die Algemene Kerkbode van 11-13 April 2002, skryf Cloete dat Ps.110 "onder meer volgens my teologiese adviseurs, volgens die Nuwe Vertaling van die Bybel, volgens die 'nuwe berijming' en volgens Bonaventura Hinwood se omdigting in Afrikaans vir die Katolieke Kerk, nie 'n Messiaanse Psalm nie".

Een van Cloete se adviseurs, WS Prinsloo, sê uitdruklik van Ps.110: Die Nuwe Testamentiese aanhalings van Ps.110 gee 'n ander betekenis van dié Psalm as wat dit oorspronklik gehad het; dié Psalm het nie oorspronklik vir Christus op die oog gehad nie en moet nie as voorspelling gelees word nie.

*Cloete self (en van sy adviseurs) huldig dus nie die standpunt van die sinode in motivering 5.1 en 5.2 nie en dit is sy standpunt wat in die 2001-omdigting vervat is.*

*Dit is daarom 'n absolute teenstrydigheid om die gebruik van die 2001-omdigting te motiveer met 'n standpunt wat lynrreg teen die standpunt en resultaat van die digter in hierdie omdigting ingaan.*

### **3.1.8 Sinode 2003 laat die Skrifverklaringsbeginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking los**

In Bylaag A word gesê: Die Kommissies wat gemoeid was met die 2001-omdigting van die Psalms, "*het besluit om die grondteks te volg deur die Psalms te verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het*".

Inderdaad is die konteks (as dit is wat met die eerste hoorders bedoel word) belangrik. Die fout wat die Kommissies – en Sinode 2003 - egter maak, is dat een Skrifverklaringsbeginsel – konteks of eerste hoorders - verhef word tot die enigste. Daar word nie rekening gehou daarmee dat daar ook ander Skrifverklaringsbeginsels is nie. Daarby moet met name gedink word aan die beginsel dat die Heilige Skrif sy eie uitlegger is: Die Skrif self moet sê wat op 'n bepaalde plek bedoel word **én (gevolglik) óók** wat die eerste hoorders daar en dan begryp het van wat gesê is.

---

Anders gesê: Die Skrywer self, Christus deur sy Gees, sal die beste weet wat Hy op 'n bepaalde plek bedoel het en hoe dit verstaan moet word.

Waar die beginsel van "eerste hoorders" losgemaak word van die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyk, daar ontaard ons kennis van dit wat die eerste hoorders verstaan het in suiwer spekulاسie. Daar begin die eerste hoorders met 'n eie stem praat en hoor ons nie meer die Stem van die groot Bybelskrywer nie. Die eerste hoorders kom dan aan die woord en nie die Woord nie.

Hier is eintlik 'n groot teenstrydigheid in die "beginsel" van die Sinode 2003. Hulle sê dat ons die konteks in gedagte moet hou, maar hulle laat die konteks los, want OT en NT word geskei in hierdie verklaring.

Ons sien ook dat die direkte konteks (van bv. 'n Psalm) nie in ag geneem word nie.

### **3.1.8.1. Psalm 110 van die 2001-omdigting as voorbeeld:**

#### *a) "My Here" of "my koning"?*

Die 2001-omdigting dig die woorde "my Here" van vers 1 (1953-vertaling) om as "my koning".

Sinode 2003 verdedig hierdie omdigting deur te sê: "In die Masoretiese teks staan ook nie Adonai nie, maar wel adoni, wat normaalweg gebruik word as 'n aanspreekvorm vir belangrike mense".

In hierdie argument word die Joodse (Masoretiese) interpretاسie (vokalisاسie) van die teks gevolg. Die Masorete het die woord "adoni" ('dny) so gaan skryf, dat dit geles kan word "my heer".

Ons sal egter moet besef: Hierdie *Masorete* het hulle werk gedoen lank (eeue) nadat die kanon (die gesagvolle teks van die Bybel) reeds erken was. Wat hulle gedoen het, is dus *nie kanoniek (gesagvol)* vir ons nie (kursivering van AHB).

Dit is ook nie eens seker of daar oorspronklik in die uitspraak wel onderskeid gemaak is tussen adoni en adonai nie.

Ons sal dus na die Skrywer self moet gaan luister om te kan bepaal wat hier met "my Here" (*'dny*) bedoel word. Dit beteken dat ons na die Skrif self sal moet gaan luister.

In die volgende punte (4.2.1-4) sal aangetoon word dat die Skrywer self aan ons openbaar dat dit in Psalm 110 uitsluitlik en alleen oor die Messias gaan en nie oor 'n aardse koning nie.

Die sinode sal moet kies tussen die nie-gesagvolle interpretasie van die Masorete en die gesagvolle Woord van God.

Die volgende kom dan ter sprake:

1. Ps.110: die direkte verband (die Psalm in die geheel) en die Ou Testament in die geheel (4.2.2);
2. Ps.110:1: die Septuagint en die Nuwe Testament oor "my Here" (4.2.3); en
3. verskillende tekste uit die Nuwe Testament (4.2.4).

***b) Ps.110: die direkte verband (Psalm 110 in die geheel) en die Ou Testament in die geheel***

1. Dit het alles met goeie taalkunde te make: om 'n woord binne sy verband te verklaar. Dit geld ook van die "my Here". Die res van die Psalm, die konteks, moet lig werp op hierdie woorde. Die Skrif moet die Skrif verklaar en dan sien ons: In Psalm 110 sê Jesus Christus deur sy Gees bepaalde dinge van "my Here", dinge wat dit onmoontlik maak om "my Here" op 'n gewone mens te laat slaan.

2. ***Eerstens*** word in die Psalm deur die HERE tot "my Here" gesê: "Sit aan my regterhand" (v.1).

Om aan die regterhand van God te sit – dit word nooit in die Ou Testament van enige aardse koning gesê nie. (Dit is vir die opstellers van die beswaarskrif van die grootste belang dat die sinode hier ook sal gaan kyk na Hand.2:32-36 en die verklaring daarvan by 4.2.4 b)



3. *Tweedens* word in die Psalm deur die HERE met eedswering van "my Here" gesê: "U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek" (v.4).

*Ook dit* word nooit van enige aardse koning uit die huis van Dawid gesê nie. Die Dawidiese koning was nie priester én koning nie en nog minder priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek. So 'n kombinasie van ampte soos 'n proesterkoning is in Israel nie toegelaat nie (Helberg, 1988:169).

Dit word soms as argument aangevoer dat Salomo 'n priesterlike rol gespeel het en offers gebring het by die ingebruikneming van die tempel (vgl. 1 Kon.8:64). Holwerda (1974, p.56-57) gee daarop 'n goeie antwoord. Hy wys in sy rektorale rede oor Ps.110 daarop dat Salomo slegs brand- en dankoffers gebring het. Dit gaan dus oor offers waarby die idee van versoening op die agtergrond staan, offers wat deur enige individu gebring kon word volgens die wet. Dit gaan om offers wat in die voorhof (LW: nie in die heilige nie) gebring is. Die brandofferaltaar het immers in die voorhof gestaan. Daar kon die volk ook kom. In 1 Konings8:64 – die inwyding van die tempel deur Salomo – word uitdruklik gesê dat Salomo die offers *in die voorhof* gebring het.

Ussia in 2 Kronieke 26:16-21 probeer egter om 'n reukoffer te bring. En die reukofferaltaar het in die heilige gestaan – daar waar net die priesters mag kom. Dit was dus 'n werk van die priesters om die reukoffer te bring en in die heilige in te gaan. Daarop is Ussia met die oordeel van die HERE getref, omdat hy in die priesteramp ingedring het.

4. Dit kan nie uit Ps.110 of uit ander Skrifgedeeltes aangetoon word dat Ps.110 vir die historiese geleentheid van die troonsbestyging van sy seun Salomo geskryf is nie. Dit is 'n hipotese. Nêrens in die Bybelse geskiedenis lees ons van so iets nie.

5. Calvyn (1979b, p.571) voel baie sterk daarvoor dat hierdie Psalm Messiaans is en uitsluitlik oor Christus gaan. Hy skryf: Aangesien ook Christus self verklaar dat hierdie Psalm gedig is met betrekking tot Hom, moet ons die sekerheid hieromtrent aan niks anders as aan sy eie mond wil ontleen nie. Maar al sou sy gesag en die van die apostels nie ingeroep word nie, *die Psalm self roep luid dat geen ander verklaring moontlik is nie*. Met nadruk sê Calvyn: Dit wat hier in Ps.110 gesê word, is nie van toepassing op Dawid of wie ook al anders nie, maar net op die Middelaar alleen.

Calvyn gee dan *twee redes* waarom hierdie Psalm nie van toepassing kan wees op Dawid of wie ook al anders nie:

- **Eerstens** kon 'n mens in dié tyd (die tyd van die OT) geen nuwe en ongebruiklike priesterlike waardigheid (volgens die orde van Melgisedek) invoer, sonder om die eer van Levi weg te neem nie. Wat Calvyn bedoel, is: Invoering van 'n priester volgens die orde van Melgisedek sou die *afskaffing* van die priesterskap van Levi beteken.
- **Tweedens** meen Calvyn dat die *ewigdurende* ook op geen mens toegepas kan word nie.

Om hierdie twee redes kan hierdie Psalm volgens Calvyn nie na byvoorbeeld Salomo verwys nie (Vgl. 4.2.4 c) om te sien hoe reg Calvyn is).

***c) Ps.110:1: die Septuagint en die Nuwe Testament oor "my Here"***

1. Sinode 2003 sê: "Die Septuagint het ook nie die woord vertaal met die gewone aanduiding vir Adonai (kurios) nie, maar met 'n aanduiding van die eerste persoon suffiks. Die Nuwe Testament haal dit ook so aan".

Sinode 2003 se argument is: Die Septuagint vertaal "my Here" met **toi kurioi mou**, wat gewoonlik die vertaling is as daar adoni ("my here") staan in die Hebr. As daar Adonai sou gestaan het in die Hebr., sou die Septuagint net met kurios vertaal het.

2. Hierdie standpunt van Sinode 2003 kan weerlê word deur daarop te wys dat die Septuagint ook wel Adonai soms met ho kurios mou vertaal. Dit kan met die volgende voorbeelde gestaaf word:

- **Eks.34:9**: en gesê: Here (Hebr. Adonai), as ek genade in u oë gevind het, laat dan tog die HERE in ons midde trek. Septuagint = en gesê, as ek genade voor U gevind het, laat my Here (Septuagint ho kurios mou) met ons gaan.
- **Rigt.6:22**: Toe Gideon bemerk dat dit die Engel van die Here was, sê Gideon: Ag, Here HERE ! (Heb. Adonai Jahwe; Septuagint = kupie mou, kurie) want ek het die Engel van die HERE gesien van aangesig tot aangesig!

- **2 Sam.7:19** (ook 20,22, ens. *Nog meer in 2 Sam*): En dit was nog te gering in u oë, Here HERE (Heb. Adonai Jahwe; Septuagint = kupie mou, kurie), sodat U ook aangaande die huis van u kneg tot ver in die toekoms gespreek het.
- **Ps.16:2**: Ek het tot die HERE gesê: U is my Here (Heb. Adonai; Septuagint = ho kurios mou)
- **Ps.35:23**: Ontwaak en word wakker vir my reg; my God en Here (Hebr. Adonai, Septuagint ho kurios mou – my Here), vir my regsak.

3. Dit val op dat ons Here Jesus Christus in verskillende tekste in die Nuwe Testament *my Here* (ho kurios mou) genoem word:

- **Lk.1:43**: "En wat het my oorgekom dat die moeder van *my Here* (tou kuriou mou) na my toe kom?"
- **Joh.20:13**: "En hulle sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Sy antwoord hulle: Omdat hulle *my Here* (ton kurion mou) weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie".
- **Joh.20:28**: "En Thomas antwoord en sê vir Hom: *My Here* (ho kurios mou) en my God!"
- **Fil.3:8**: "Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, *my Here* (tou kuriou mou), ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry".

#### ***d) Tekste uit die Nuwe Testament***

Uit die groot aantal tekste in die NT wat hierdie Psalm aanhaal, word net enkele bespreek:

##### **i) Matteus 22:41-46 (vgl. ook Mark.12:35-37 en Luk.20:41-44)**

Dit ly geen twyfel nie: Volgens *Jesus self* gaan dit in Psalm 110 oor Homself. Jesus self lê Ps.110 dus Messiaans uit. Hierby moet nadruk daarop gelê word dat Jesus nie die

Psalm maar toe eers op Hom toegepas het nie, maar ‘dat Dawid Hom in die Gees Here noem.’

Jesus sê self dat nie maar net 'n mens (Dawid in natuurlike aanskoue van sy aangewese seun Salomo) in Ps.110 aan die woord is nie, maar *die Heilige Gees*. Geïnspireer deur die Heilige Gees ("in die Gees") spreek Dawid nie van 'n koning nie, maar van dié Koning wat ook sy Koning (adonai) is. Jesus lig ‘n besondere aspek van Ps 110:1 uit, wat die skrifgeleerdes toe nog goed geken het (daarom het hulle daarna betekenisryk geswyg) maar om politiese aspirasies gerieflikheidshalwe ignoreer het. Hulle was behep met die openbaring dat die Messias ‘n adelike nakomeling van Dawid sal wees, maar Jesus wys hulle daarop dat die Messias ook Heerskap oor Dawid gehad het. As die Skrifgeleerdes die Skrifopenbaring dat die Messias die Here van Dawid is in ag wil neem, sal hulle beseef waar dit hulle uit sou bring ... nie by Dawid se Nasaad alleen nie, maar ook by sy ewige Voorsaad, by die Een wat veel groter is as Dawid self, by die een wat veel verhefder is as Dawid self.

Hier is geen sprake daarvan dat sekere gedagtes in die NT teruggelees word in die OT (Ps.110) of dat daar 'n Messiaanse uitleg bygeplak of aangeplak word nie, maar Jesus sê self wat die Heilige Gees self - die Skrywer van Ps.110 – dáár, in Ps.110 alreeds, bedoel het en van wie Hy - en geen mens nie - gespreek het toe Hy hierdie Psalm geskryf het en wat 'n gelowige daarom - op gesag van Christus en sy Gees - vandag dáár mag lees.

Elke verklaarder wat beweer dat die Messiaanse verklaring van die Psalm 110 'n latere interpretasie van die eerste Christene of van Christus is, 'n latere aanhegting, *gaan in teen wat Jesus self en sy Heilige Gees getuig*. Trouens, so ‘n interpretasie kom neer op ‘n verdagmaking van die Heilige Gees se integriteit soos wat Christus dit uitgelê het. So ‘n interpretasie kom neer op die miskenning van die aanwysing van Christus soos wat Hy Homself in Psalm 110 laat aanwys het en dit aan die Fariseërs uitgewys het sodat: "niemand Hom ‘n woord kon antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie."

In sy kommentaar (1897:256-7) op vers 43 sê **Calvyn**: Christus sê reeds in hierdie vers dat hierdie Psalm nie met die oog op die persoon van Dawid opgestel is nie. Intendeel, dit is deur die Gees van die profesie ingegee as 'n beskrywing van die toekomstige ryk

van Christus, want ook uit die verband van die Psalm kan maklik bewys word, dat dit wat daar gesê word, ewemin op Dawid as op enige ander aardse koning van toepassing is. Immers, Dawid voer in hierdie Psalm 'n Koning in, beklee met 'n nuwe priesterskap, wat die *afskaffing* van al die ou skadu's van die Wet noodsaaklik maak.

Calvyn kom hier, soos in sy kommentaar op Psalm 110, weereens by die punt dat die nuwe priesterskap die *afskaffing* van die priesterskap volgens die orde van Aäron meebring en dat Dawid of Salomo daarom nie bedoel kan wees in Ps.110 nie. Immers, die priesterskap volgens die orde van Aäron het bly voortbestaan tot en met die NT. Dit is nie ophef met Salomo nie. Dit is eers met die koms en werk van Christus, die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, afgeskaf. Hierdie gedagte sal ook weer aandag kry in die volgende punt (4 b).

Maar dit is noodsaaklik om ook dieper op die woorde "*my Here*" in te gaan. In sy konfrontasie met die Jode in Mt.22:42-44 gaan dit vir Jesus om die vraag: *Wie is die Messias?* (22:42). Hy het sy menslike kant: Hy kom uit die geslag van Dawid en is daarom ook *die seun van Dawid* (22:42). Maar dan kom Jesus met die Skrif, met 'n aanhaling uit Ps.110, na sy teenstanders met 'n unieke retoriese vraag wat sy teëstanders (bekwame kenners van die Ou Testament) so goed verstaan het dat Hy hulle daarmee vergoed die mond gesnoer het (vs 46): *Hoe kan Dawid dan in die Gees sy eie Seun sy Here noem* (22:43,44)? Floor (1981:67-68) skryf in sy kommentaar op hierdie woorde: "Die Messias het dus ook sy *Goddelike kant!* Hy is ook Here" (*kursivering van AHB*). En dan vervolg Floor: "*Dawid het dit* in die geloof, deur die werking van die Heilige Gees, *reeds gesien en bely en besing*" (*kursivering van AHB*). Hendriksen (1976:812) skryf ook: Die HERE belowe in Ps.110 aan die Middelaar sodanige uitnemendheid, mag, gesag en majesteit dat dit net van toepassing kan wees op Hom wat ten opsigte van sy persoon van alle ewigheid af God is en bly (Ef.1:20-23; Fil.2:5-11; Heb.2:9; Op.5:1-10 en 12:5). Jesus sien in die woorde "my Here" meer as dat daarmee slegs gesê sou word dat die komende Messias Seun van Dawid (d.w.s. koning) sou wees. Hy sou *ook Seun van God en daarom Dawid se Here* wees.

En wat meer is, ook die Jode het Jesus se uitleg van "my Here" so verstaan dat Hy daarmee gesê het dat Hy die Seun van God is. Die Jode het Jesus se woorde so begryp,

want wanneer Jesus voor die Joodse Raad verskyn, kom Kajafas daarop terug deur vir Jesus te vra: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?" (Mt.26:63). Met 'n eed moet Jesus sy eksegetiese (uitleg) van die "my Here" van Ps.110 bevestig. En - Hy doen dit: "U het dit gesê" (Mt.26:63).

Wat Jesus dan verder sê, is eweneens van die grootste belang: "Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel" (Mt.26:64). Weer haal Jesus Ps.110:1 aan en dan sê Hy met die woorde van vers 64: Wanneer Hy Ps.110 vervul deur aan die regterhand van God te gaan sit, sal dit metterdaad (met die daad) bewys word: Hy, die Seun van die mens, is ook die Seun van God, die "my Here" van Ps.110. Dan sal *gesien* word dat sy uitleg van Ps.110 juis is.

Jesus *verklaar* Ps.110 (Mt.22:42-44), Hy *beëedig* sy verklaring van Ps.110 (Mt.26:63-64a) en Hy *bewys* die korrektheid van sy verklaring van Ps.110 metterdaad (Mt.26:64b). Ons het hier dus 'n *verklaring*, 'n *beëdigde verklaring* en 'n *bewese verklaring* van Jesus self, die Spreker en Skrywer van Ps.110, met betrekking tot die woorde "my Here".

In die lig van al hierdie woorde van Jesus, sy verklaring van Ps.110:1, moet die vraag gevra word: Hoe kan die 2001-omdigting "my Here" in Ps.110:1 omdig met die woorde (en kleinletters) "my koning"? Hoe kan Sinode 2003 hierdie Psalm indirek Messiaans verklaar?

## ii) Handeling 2:32-36

Petrus sê baie duidelik en onder inspirasie van die Heilige Gees: Die woorde "sit aan my regterhand" van Ps.110:1 kan nie van toepassing wees op Dawid nie, *want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand* (v.34). Dit sien nie op Dawid nie, maar op Jesus, wat deur God Here en Christus gemaak is, deurdat hy deur die regterhand van God verhoog is. Met die *want nie (ou gar)* ontken die Heilige Gees by monde van Petrus dat die woorde op Dawid van toepassing is en lui hy ook die rede in waarom dit nie kan nie. Die teendeel (*maar – de*) is waar: hy *self (autos) (eerste begryper)*, Dawid self, sê iets anders. Met die *self* word

benadruk: Ook Dawid self in eie persoon sê in die Woorde van Ps.110:1 dat nie hy aan die regterhand van God gaan sit het nie, dat dit nie op hom van toepassing is nie, maar dat dit van toepassing is op "my Here", die Messias.

Calvyn se verklaring van v.34 sê alles: Petrus bewys met hierdie getuienis van Dawid (*Sit aan my regterhand*), dat dit reeds lank tevore so deur God bepaal is, dat Hy die Christus tot die hoogste eer sou verhef. Want hierdie wyse van spreke (*Sit aan my regterhand*) wil sê: om die heerskappy oor alle dinge te hê. Dawid sê dat dit deur God besluit is dat Hy as Koning aan sy regterhand sou sit en *dít* kan nie van Dawid gesê word nie, aangesien Dawid nooit tot so 'n eer verhoog is nie. Dawid sê dit dus van die Messias. Petrus wil met hierdie woorde (*want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie*) dus sê dat die profesie van die sit aan die regterhand van God nie in Dawid vervul is nie en daarom moet 'n mens die waarmaking daarvan êrens elders gaan soek. Hierdie vervulling en waarmaking kan *nêrens anders as (kursivering van AHB)* in Christus gesoek word nie.

### iii) Hebreërs en Christus se hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek

Volgens die verkondiging van die Hebreër-brief kon Salomo onmoontlik nie priester volgens die orde van Melgisedek wees nie.

Immers, Hebreërs 7:18 leer: Die priesterskap volgens die orde van Melgisedek bring die *afskaffing*, die opheffing van die priesterskap volgens die orde van Aäron mee. Dit het egter nie gebeur in die tyd van Salomo nie, maar eers met die voltooiing van die werk van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, is die Ou Testamentiese priesterdiens afgeskaf.

*Waarom* bring die priesterskap volgens die orde van Melgisedek die afskaffing van die priesterskap volgens die orde van Aäron mee? Hebreërs laat ons dit sien: Die Aäronitiese priesterskap was swak en nutteloos, want hulle het *slegs diere-offers* gebring, wat onmoontlik nie die sonde kan wegneem nie (Heb.10:4). Die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek daarenteen offer *sy eie bloed* en nie dierebloed nie en bring daarmee 'n ewige verlossing teweeg (Heb.9:12). Daarin lê die besondere van hierdie Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. Dit onderskei Hom van die priesters volgens die orde van Aäron.

En juis om hierdie rede kon **Salomo** nie priester volgens die orde van Melgisedek wees nie. Immers, hy het maar net soos die Aäronitiese priesters **gewone diere-offers** gebring. Ja, as Salomo waarlik priester volgens die orde van Melgisedek was, was hy in sy priesterskap werklik nie die meerdere van die Aäronitiese priesters nie, want hy het nie meer as hulle gebring nie (Heb.7:7). Inteendeel, Salomo was nog eerder hulle mindere, want Salomo kon nie eens verder as die voorhof van die tempel gaan nie, terwyl die Aäronitiese priesters tot in die heilige (die priesters) en die allerheiligste (die hoëpriester) ingegaan het.

Hier kom nog iets by: Die brief aan die Hebreërs teken die Priester volgens die orde van Melgisedek as **Hoëpriester**. Uitdruklik word Hy **Hoëpriester** volgens die orde van Melgisedek genoem (Heb.5:10; 6:20). As Hoëpriester het Hy, anders as die Aäronitiese hoëpriester, sy bloed in die hemelse heiligdom gebring (Heb.9:11, 24). Hoe kon Salomo Hom ooit afgebeeld het en tipe van Hom gewees het. Immers, Salomo was nie hoëpriester nie. In teenstelling met die Aäronitiese hoëpriester kon Salomo nie die allerheiligste ingaan met versoeningsbloed nie. Trouens, hy kon nie eens die heilige betree nie, maar moes saam met die res van die volk in die voorhof bly. Ook om hierdie rede kan Ps.110:4 nie na Salomo verwys nie, want Salomo was geen priester nie en nog minder 'n hoëpriester.

Teoloë probeer alles in hulle vermoë om Salomo tot priester te promoveer, maar Hebreërs slaan al hulle hipoteses aan skerwe en laat sien dat dit in die priesterskap volgens die orde van Melgisedek nie om priesterskap gaan nie, maar om **hoëpriesterskap** en nie om diere-offers nie, maar om oneindig veel meer, naamlik **die offer van sy bloed**.

#### iv) Hebreërs 1, Ps.110:1 en die Godheid van Christus

In Hebreërs 1 word **verskillende Psalms aangehaal om die Godheid van Christus te bewys (kursivering – AHB)**, o.a. Ps.45:7-8 (Heb.1:8-9: "maar van die Seun: **U troon, o God**, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, **o God**, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle) en Ps.102:25-28 (Heb.1:10-12: "en: **U, o Here**, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. Hulle sal vergaan, maar



U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt, en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie"..).

*En dan word ook Ps.110:1 deur Heb.1:13 as bewysmateriaal gebruik (kursivering – AHB) om die Godheid van Christus te bewys: "En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?" In hierdie woorde van Ps.110:1 het ons dus met heel besondere woorde te make, woorde wat verklaar word deur Heb.1:13 en wat net een verklaring van die "my Here" van Ps.110 moontlik maak, die uitleg naamlik dat die "my Here" net op Christus slaan.*

Die Skrywer van Hebreërs, Christus deur sy Gees, openbaar hier aan ons waarom dit in Ps.110:1 gaan. Dit is 'n geïnspireerde uitleg van sy eie Psalmwoord.

---

### **3.2. Beswaar 2: Die Sinodebesluit is in stryd met belydenis.**

Sinode 2003 beveel 'n omdigting aan wat - in stryd met die belydenis - dele van die Psalms weglaat en verander en wat Christus daaruit weggelaat het.

#### **Motivering:**

##### **3.2.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis**

- **NGB Art.2**

In die kanonieke boeke het God Hom bekendgemaak en wel "*soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van die wat aan Hom behoort*".

Ons kan nie sê dat iets in die Psalms onbelangrik is of nie omgedig hoof te word nie. In die Psalms in hulle geheel – alles, vers vir vers – gee God ons wat *nodig is tot sy eer en tot die saligheid van die wat aan Hom behoort*.

Sinode 2003 trek 'n streep deur hierdie artikel deur 'n omdigting te aanvaar, wat verse weglaat, wat ons nodig het om God te eer en vir ons saligheid.

- **NGB Art.3**

Die Bybelskrywers het die woorde van die kanonieke boeke "*deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek*". Daarom is hierdie skrifte – die Psalms ingesluit – "*die heilige en Goddelike Skrif*", die eie Woord van God. Hy is daarin aan die woord. "*Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel*".

Agter elke Psalm en elke woord van elke Psalm moet ons dus *God se besondere sorg vir ons en ons saligheid* sien en ons moet hierdie besondere sorg ook so erken en waardeer, deur dit in ons omdigting of beryming te vergestalt. Hy weet wat ons nodig het.

- **NGB Art.4**

In hierdie artikel word al die kanonieke boeke opgenoem. Deel van hierdie lys is die Psalms. Met artikel 4 bely ons dus uitdruklik en in soveel woorde dat ook *die Psalms* (soos dit in die Bybel staan) – en vanselfsprekend die Psalms *in hulle geheel* - deel is van die God gegewe kanon. Ons moet die kanonieke waarde van die Psalms erken deur die hele Psalm te berym.

- **NGB Art.5**

In artikel 5 gaan dit oor die Goddelike gesag van die kanonieke boeke en dus ook van die Goddelike gesag die Psalms in die Bybel. Ook van die Psalms geld dat dit "*kanoniek*" is, dat dit deur God gegee is "*om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig*".

*Die hele Psalmboek* is vir ons gegee as *kanon* of *maatstaf* vir ons geloofslawe, dus ook as maatstaf vir ons kerksang, vir ons berymde of omgedigte Psalms wat ons sing in die erediens. Ons moet hierdie gesag erken, deur alles om te dig en te sing.

- **NGB Art.7**

God laat dit nie in ons hande om te besluit oor die "*wyse waarop Hy deur ons gedien wil word*" nie. Dit geld ook van ons diens van sang. Hy beskrywe vir ons

*"breedvoerig"* in die Psalms wat ons moet sing, die *"wyse waarop God deur ons gedien moet word"* in ons sang.

Ons belydenis (NGB Art.7) pas Deut.12:32 op die Bybel in die geheel (die geïnspireerde Psalms ingesluit) toe en gaan daarvan uit dat dit op grond van hierdie teks verbode is om iets (ook sekerlik iets van die Psalms) weg te laat.

As 'n omdigting weglaat en verander, besluit die mens daarmee self hoe hy die Here sal dien ook in die kerksang.

### 3.2.2 Die Heidelbergse Kategismus

- **HK 35:96**

In hierdie antwoord bely ons: Ons mag God op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie. In die Psalms het ons 'n duidelike voorskrif van die HERE self van wat ons moet sing en hoe ons Hom in ons kerksang moet eer.

*Daarom mag hele stukke van die Psalms nie weggelaat of verander word soos die 2001-omdigting doen nie.*

- **HK 6:18-19**

Ons Kategismus leer dat óók die Psalms *van Christus profeteer*.

Deur 'n omdigting aan te beveel, wat dit loën, gaan die sinode teen hierdie belydenis in.

### 3.2.3 Tekste wat 'n groot rol speel in ons belydenisskrifte, is weggelaat in die 2001-omdigting

- **Voorbeeld: Ps.2:7 ("genereer"):**

#### Nicea

Ons glo ... in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader *gebore* (genneethenta, pf.part.pass. van gennaoo): Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, *gebore* (genneethenta, pf.part.pass. van gennaoo), nie gemaak nie, een in wese met die Vader ...

**Athanasius**

22 die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie, maar *gegenereer*;

**NGB Art.10 Godheid van Christus**

Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af *gebore* (Franse teks: engendré = genereer, verwek); Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader, ewig saam met Hom, die heerlijkheid (Heb 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Fil 2:6).

**3.3. Beswaar 3: Die Sinode het die 2001-omdigting nie getoets aan die belydenis nie.**

**Motivering:**

Dit val besonder op dat in die besluite van die sinode, in die motivering van die besluite en ook in Bylae A *geen enkele verwysing na een van die belydenisskrifte* is nie.

Daar is geen teken dat die kritiek teen die omdigting ooit aan die belydenisskrifte getoets is nie, ondanks sinodebesluite in dié verband (sien ook 3.5, waar verwys word na sinodebesluite wat uitdruklik sê dat die omdigting ook aan die belydenis getoets moet word).

Dr.AH Bogaards het in sy kritiek, wat voor Sinode 2003 aan die Deputate Liturgiese Sake gestuur is, uitgebreid daarop ingegaan dat die 2001-omdigting nie die toets van die belydenis slaag nie. Daardie kritiek is nie in Bylae A verwerk, beantwoord of weerlê nie. Ten spyte daarvan sê die sinode in motivering 4 dat die Kommissie die kommentaar nagegaan het en hulle oordeel dat die Deputate aandag aan al die kommentaar gegee het en dat Bylae A 'n bondige verwerking en beredenering van die kommentaar is.

**3.4. Beswaar 4: Die Sinodebesluit om van voetnotegebruik te maak, los nie die probleem met die Messiaanse Psalms op nie**

**Motivering:**

Sinode 2003 wil die probleem van die Messiaanse Psalms deur middel van voetnote by die Messiaanse Psalms oplos.

Daarteen word die volgende besware ingebring:

**3.4.1 Die digter self het uitdruklik verklaar dat hy die Messias uit die Psalms verwyder het.**

'n Voetnoot verander niks aan die teks van die omdigting nie. Die teks-sonder-Messias word gehandhaaf, ten spyte van voetnote.

**Hierdie stelling word beredeneer in 3.4.2 en sal duidelik word uit die voorbeelde daar.**

**3.4.2 Sekere tekste wat in die Nuwe Testament op Christus betrek word, is heeltemal weggelaat uit die omdigting of so verander, dat die verband met die aanhaling in die Nuwe Testament nie meer gesien kan word nie**

Vooraf moet benadruk en onderstreep word dat die probleem met die Messiaanse Psalms in die 2001-omdigting regtig *nie* maar *bloot 'n hoofletter-kleinletter-probleem* is nie. Dit is nie maar net hoofletters wat weggelaat is nie, maar Messiaanse tekste is heeltemal weggelaat of so verander, dat die verband met die NT nie meer gesien kan word nie.

**Enkele voorbeelde:**

- Voorbeeld 1: Ps.2:7

Verskillende male word die woorde "vandag het Ek U gegeneer" in die Nuwe Testament aangehaal en toegepas op Christus (vgl. Heb.1:5; Heb.5:5; Hand.13:33-34). Die 2001-omdigting laat hierdie belangrike woorde egter weg.

Uit hierdie voorbeeld kan gesien word hoe waardeloos die voetnootbesluit van die sinode is. Immers, of die sinode nou 'n voetnoot hierby sit of nie, dit bring die woorde nie terug in die teks van die 2001-omdigting nie én dit word nie gesing nie en sal nooit meer gesing word nie – ondanks die uitdruklike bevele van die Heilige Gees (sien 3.1.1).

- **Voorbeeld 2: Ps.22:2**

Die 2001-omdigting dig om: "My God, my God, het U my dan verlaat?"

Die "waarom" is weggelaat. Die "dan" staan nie in die oorspronklike nie en ook nie in die Nuwe Testament, waar Jesus dit aanhaal nie.

Met hierdie weglating en byvoeging kry die teks 'n ander betekenis: Die digter is onseker of hy deur God verlaat is.

'n Voetnoot sal nie die verband tussen Ps.22:2 en die aanhalings in die Nuwe Testament herstel nie, want daar staan in die omdigting nie wat Jesus aan die kruis uitroep nie.

- **Voorbeeld 3: Ps.45:7,8**

Die verse lui: "7 U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer. 8 U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle

In die 2001-omdigting is die "o God" van vers 7 en ook die "o God" van vers 8 weggelaat.

Ps.45:7,8 word in Heb.1:8,9 aangehaal: "8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; 9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle". Deur die weglatings in die omdigting kan nie meer gesien word dat Heb.1 Ps.45 aanhaal nie.

Ook in voorbeeld 3 kan gesien word hoe waardeloos die voetnootbesluit van die sinode is. Immers, of die sinode nou 'n voetnoot hierby sit of nie, dit bring die "o God" nie terug

in die teks nie en ondanks voetnote bly dit onduidelik watter verband daar is tussen verse van die 2001-omdigting en Heb.1.

- **Voorbeeld 4: Ps.110**

In Matteus 22:21-46 sê Jesus dat Dawid in Psalm 110:1 deur die Heilige Gees van Hom profeteer.

In Matteus 22 leer ons Here Jesus Christus dat met "my Here" iets so heel besonders gesê word, dat dit doodeenvoudig nie van toepassing kan wees op enige aardse koning uit die huis van Dawid nie. Dit kan nie slaan op 'n aardse koning nie, want met die "my Here" word niks minder as die **Godheid** van Jesus Christus uitgedruk nie. Daarom noem Dawid sy eie Seun "my Here". **Dit** is Jesus Christus se verklaring van Psalm 110:1: Hy is nie net die Seun van Dawid nie, maar Hy is veel meer as net dit: Hy is ook die Seun van God. Later bevestig Jesus hierdie verklaring nog met 'n eedswering (Mt.26:63) en net in die volgende vers (v.64) sê Hy dat die Jode dit ook sal sien dat sy verklaring juis is: "Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel". Die Skrywer van Psalm 110 **verklaar** dus die woorde "my Here", Hy **beëedig** hierdie uitleg in die Naam van die lewende God én Hy **bevestig** dit met die daad. En – juis oor hierdie verklaring word Jesus Christus die dood skuldig verklaar (Mt.26:65-66)!

Op talle ander plekke in die Nuwe Testament word Jesus Christus se **Godheid** bewys op grond van hierdie woorde van Ps 110:1, byvoorbeeld in Heb. 1:3,13.

Die 2001-omdigting dig "my Here" om met "my koning" en laat dit dus slaan op 'n aardse koning – teen die getuienis van die NT in.

Voetnote stel ook hier weer die probleem nie reg nie, want daar word van uit gegaan dat die "my Here" ook op 'n aardse koning slaan - teen die getuienis van die NT in.

### **3.4.3 Meer Psalms as maar net die sogenaamde Messiaanse Psalms word geraak**

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat die Messiaanse karakter van die Psalms nie alleen in die sogenaamde Messiaanse Psalms deur die 2001-omdigting aangetas word nie. Sinode 2003 sê tereg in sy motivering (5.1) dat die hele Ou Testament 'n Messiaanse karakter dra. Dit geld ook van elke Psalm. Al is nie elke Psalm 'n profesie van Christus nie, tog is sy heilswerk die fondament van elke Psalm en juis hierdie fondament en hoeksteen, Christus, word in die 2001-omdigting verwyder.

#### **Enkele voorbeelde:**

- **Voorbeeld 1: Ps.143**

Psalm 143 is 'n gebed van Dawid. In vers 1 bid hy: "HERE ... luister tog na my smeking (om genade), verhoor my in u trou, in u geregtigheid". Dawid doen 'n beroep op die HERE se genade en verbondsliefde en trou (in Christus). Dit is die fondament van sy gebed. Maar daardie vers is in sy geheel weggelaat deur die 2001-omdigting. Dit is so goed as wat 'n mens vandag die woorde "verhoor ons om Christus wil" en "in die Naam van Christus", uit jou gebed weglaat.

- **Voorbeeld 2: Ps.106**

Al staan hierdie Psalm nie bekend as 'n Messiaanse Psalm nie, is die voorbidding van Moses (v.23) 'n heenwysing na die voorbidding van Christus. Juis hierdie teks word egter deur die 2001-omdigting weggelaat.

### **3.4.4 Gevolgtrekking:**

- Dit moet duidelik gestel word dat die probleem met die Messiaanse tekste in die 2001-omdigting nie bloot maar geleë is in hoofletters wat geskrap is nie, maar hele Skrifgedeeltes wat geskrap en verander is.
- Die voetnote bring nie die tekste wat weggelaat word terug in die omdigting nie en is dus waardeloos.



- Die voetnote maak nie 'n verkeerde omdigting reg nie, maar laat dit staan soos wat dit is.
- Die voetnote herstel nie die verband tussen Messiaanse tekste en die Nuwe Testament nie, want tekste wat in die NT op Christus betrek word, is steeds weg in die teks van die omdigting of dit is steeds so omgedig dat dit nie dieselfde sê as in die oorspronklike teks van die Psalms en die NT nie.
- Dit moet ook raakgesien word dat die "Messiaanse probleem" van die 2001-omdigting wyer strek as maar net die sogenaamde Messiaanse Psalms.

Daarom bied die sinodebesluit van voetnote hierin geen oplossing nie.

### **3.5. Beswaar 5: Die Sinodebesluit is in stryd met ander sinodebesluite.**

#### **Motivering:**

Onder 3:1-3.3 is aangetoon dat die sinodebesluit in stryd in met Skrif en belydenis.

Daarmee is ook bewys dat Sinode 2003 'n besluit geneem het, wat strydig is met vorige sinodebesluite.

Hier kan gewys word op **Handelinge 1994** (p.527 e.v.), wat beginsels en riglyne vir die keuring van Skrifberymings vir die erediens vasgestel het. Hier is 'n belangrike besluit geneem wat ook vir die psalms geld: *'Die beryming moet die sin en inhoud van die Skrifgedeelte suiwer en korrek in ooreenstemming met die kerklike belydenis weergee'*. (punt 3.2.1., p.538). 'n Beswaarskrif van die Part Sinode Noord-Transvaal teen besluit 1991 om deelname aan nuwe psalmberyming te staak, slaag in sy geheel. Daarna ook die volgende besluit wat toegepas moet word: *'deur die Sinode goedgekeurde beginsels en riglyne vir die keuring van Skrifberymings vir die erediens (toe te pas), want dit sal net so geld vir Psalms wat in wese ook Skrifberymings is'''* (punt 4 op p 553).

**Sinode 2003 self** sluit aan by en brei uit op die besluit van 1994 deur te besluit: "*Die beryming moet die sin en inhoud van die Skrifgedeelte of Skrifgedeeltes suiwer en korrek in ooreenstemming met die kerklike belydenis weergee*" (21.18, punt E1, p.638).

### **3.6. Beswaar 6: Onjuiste mensbeeld**

#### **3.6.1. Slegs enkele voorbeelde**

- **Psalm 23:3b:** Die 2001-OMDIGTING dig dit om: "Ter wille van sy Naam *volg ek gedweë*".

Die "volg ek gedweë" gee allermins 'n juiste beeld van die mens in *die Bybel*. Intendeel, in Jesaja 53:6 staan daar van die ons: " Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop" en Romeine 2:9-20 laat ons 'n ander mensbeeld sien as die 2001-OMDIGTING in Psalm 23.

Wat die 2001-OMDIGTING gee, is sekerlik nie wat *die belydenis* - op grond van die Skrif - van die mens leer nie. Ons Kategismus praat van my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry (HK 21:56), dat my gewete my aankla dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (HK 23:59), dat ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (HK 24:62) en die boosheid wat ons nog aankleef (HK 51:126). Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur – ja ook ons eie sondige natuur -, nie op om ons aan te val nie (HK 52:127).

- **Psalm 32:11 en 33:1**

In die 1953-vertaling lui 32:11: "Wees bly in die Here en juig, o *regverdiges*! En jubel, alle opregtes van hart!" En 33:1: "O *regverdiges*, jubel in die Here! 'n Loflied betaam die opregtes".

Die 2001-OMDIGTING dig die woord "regverdiges" in 33:1 om met "gehoorsames". Dit is nie alleen 'n verkeerde vertaling van die oorspronklike, maar dit skep boonop 'n valse mensbeeld.

Psalm 32 en 33 is ten nouste aan mekaar verbind. 32:1 en 33:1 is byna identies. **Dit is belangrik vir die verklaring van regverdiges in 33:1:**

*Ps.32 laat ons sien hoe 'n regverdige lyk: nie 'n gehoorsame* (in homself en danksy homself) nie, maar iemand (Dawid na sy owerspel en moord - ongehoorsaamheid in die kwadraat - soos helaas ons almal .... die allerheiligste het net 'n klein begin van die nuwe **gehoorsaamheid!** HK 44:114 - selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid) wat pleit om skuldvergifnis vir sy **on**-gehoorsaamheid en wat juis, omdat hy dit (die vergifnis deur die bloed van Christus en die gehoorsaamheid van die Seun van die mens) ontvang, en daarom alleen, voor God staan as gehoorsame. Hy is geregverdig (alleen) in die bloed van die Lam. Die gehoorsaamheid van Christus word hom toegereken en geskenk (HK 23:60: Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die **gehoorsaamheid** volbring het wat Christus vir my volbring het. HK 29:79: Hy verseker ons ook dat al sy lyding en **gehoorsaamheid** so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.) . Die 2001-OMDIGTING laat die klem val op die *mens* self - hulle is nou die gehoorsames - en **nie die mens IN Christus** en danksy Christus nie.

Hier is weer 'n valse mensbeeld van die 2001-OMDIGTING, 'n mensbeeld wat geensins in harmonie met die van Skrif en belydenis is nie.

- **Psalm 119:9-16**

In hierdie verse is 'n jongmens aan die woord, wat so graag die Wet van die HERE wil onderhou, maar weet dat hy dit uit homself nie kan nie. In sy "laat my nie afdwaal van u gebooie nie" (v.10b) en "leer my u insettinge" (v.12b) spreek 'n diep afhanklikheid van die HERE – soos trouens dwarsdeur in die Psalm.

Maar die 2001-OMDIGTING laat juis hierdie verse (vv.10b en 12b) weg in sy omdigting (2001-OMDIGTING 119:3-4). Daarmee kom hierdie hele gedeelte in 'n ander konteks te

staan: Weg is die afhanklikheidsgevoel en gebed en voor ons verrys 'n jongman *wat dit self kan doen*. Al het die 2001-OMDIGTING dit miskien nie so bedoel nie – dit is wel die resultaat van die omdigting. Die Heilige Gees het hierdie woorde (vv.9-16) nie verniet binne 'n bepaalde konteks (vv.10b en 12b) geplaas nie. Ons moet eerbied vir alles hê: vir die woorde van die Gees en vir die konteks van die Gees – dit is alles deel van sy Woord.

### **3.6.2. Gevolgtrekking**

Nie alleen word verander aan die grondteks nie, maar die 2001-OMDIGTING dra 'n on-Bybelse mensbeeld in die Bybelteks in.

Die 2001-OMDIGTING kom ook in hierdie opsig in stryd met die belydenis.

### **3.7. Beswaar 7: Die 2001-OMDIGTING en die eenheid van die Skrif**

#### **3.7.1. Inleidend**

Talle Psalms is so omgedig dat die verband met ander Skrifgedeeltes nie meer gesien kan word nie of vervaag het. So kan die Psalms nie meer werklik verstaan word nie. Die moontlikheid van die toepassing van die groot Skrifverklaringsbeginsel, Skrif-met-Skrif-vergelyk, bly in die 2001-OMDIGTING in die slag.

#### **3.7.2. Verband tussen Psalms onderling**

- **Psalm 32 en 33**

Hierdie twee verse lui in die 1953-vertaling soos volg: 32:11: "Wees bly in die HERE en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!" 33:1: "O regverdiges, jubel in die HERE! 'n Loflied betaam die opregtes".

By voorbaat vestig ek u aandag op die ooreenkoms tussen die twee verse. In beide hoor ons die woorde "regverdiges", "in die HERE" en "opregtes".

#### **Die 2001-OMDIGTING dig dit so om:**

Ps.32 vers 4:

*Verbly jul in die Here, singend, juigend.  
Opregtes, sing, van God se trou getuigend;  
wees bly en sing, dié wat op Hom vertrou.  
Die Here sal met liefde jul omvou.*

Ps.33 vers 1:

*Sing juigend, sing 'n nuwe loflied.  
Besing opnuut die Heer se Naam;  
bring nou 'n lofgesang met eerbied  
soos dit gehoorsames betaam.*

#### **Opmerkings by hierdie omdigting:**

Nie in een van die twee verse gebruik die 2001-OMDIGTING die woord "regverdiges" nie. In 32:4 van die 2001-OMDIGTING is dit heeltemal weggelaat en in 33:1 van die 2001-OMDIGTING met "gehoorsames" vertaal. Die wonderlik mooi *verband* tussen die

einde van Ps.32 en die begin van 33 bly in die slag. Wat in die oorspronklike (en ook in die 1953-vertaling) so besonder opval – dat 32:11 en 33:1 byna dieselfde is en dat Ps. 33 dus as't ware begin waar Ps.32 ophou – dit is in die 2001-OMDIGTING weggedig.

Wie wil weet wat Ps.33:1 met regverdiges bedoel, moet na Ps.32 gaan kyk: Daar is dit duidelik dat 'n regverdige nie 'n gehoorsame is nie (soos die 2001-OMDIGTING omdig), maar iemand wat vir sy vele ongehoorsaamhede vergifnis ontvang het en daarom 'n regverdige voor God is (Vgl. woorde soos sonde, oortredinge, ongeregthede in Ps.32)

### **3.7.3. Verband tussen die Psalms en res van die Ou Testament**

- **Psalm 110**

Male sonder tal word in die Ou Testament van "die dag van die HERE" (vgl. o.a. Jes.13:6,9) en "die dag van sy toorn" (Klaagliedere 2:1) gepraat.

Dit kom ook ter sprake in Psalm 110:5: "Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn". Dit word in die 2001-OMDIGTING doodeenvoudig weggedig – 'n openbaringshistories gelaaide uitdrukking – deur om te dig: "En God se toorn sal u laat seëvier".

Soos iemand gesê het: In die Psalms hoor ons die eggo van Moses en die profete. Maar – in die 2001-OMDIGTING het daardie eggo in 'n ontstellende groot mate stil geword.

- **Psalm 136**

Wie kan nog in die 2001-OMDIGTING se weergawe van hierdie Psalm die weerklank van Moses – Exodus, Numeri en Deuteronomium - hoor? Farao en die dood van Egipte se eersgeborenes is weg, Sihon is weg, Og is weg -die heilsgeskiedenis waaroor die digter sing.

Waar kom die uitdrukking "God van die gode" (v.2) en Here van die here (v.3) vandaan? Uit Moses (Deut.10:17). Maar hierdie uitdrukkinge staan nie in die 2001-OMDIGTING nie.

- **Ps.137**

Wie kan in die 2001-OMDIGTING se omdigting van Ps.137:9 nog die weerklank van Jes.13:16 hoor?

Soos iemand gesê het: In die Psalms hoor ons die eggo van Moses en die profete. Maar – in die 2001-OMDIGTING het daardie eggo in 'n ontstellende groot mate stil geword.

### 3.7.4. Verband tussen die Psalms en die Nuwe Testament

- **Psalm 2:7**

Verskillende male word die woorde van Psalm 2:7, "vandag het Ek U gegeneer", in die Nuwe Testament aangehaal en toegepas op Christus. **Hebreërs 1:5** ("Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer?") is een voorbeeld daarvan (vgl. ook Hand.13:33-34; Heb.5:5).

Die 2001-OMDIGTING laat hierdie belangrike woorde egter weg. Daarmee word dit onmoontlik om die verband tussen hierdie Psalm en die NT te sien en om hierdie vers in die lig van die NT te verklaar.

- **Psalm 22:2**

Die 2001-OMDIGTING dig om: "My God, my God, het U my dan verlaat?"

Wie kan hier nog goed die verband met die kruiswoord van Jesus in Mt.27:46 ("My God, my God, waarom het U My verlaat?") sien? Want dit wat in die 2001-OMDIGTING staan, is nie dieselfde as dit wat Jesus aan die kruis uitgeroep het ( en wat in oorspronklike teks van Ps.22 staan) nie.

- **Psalm 110:5**

Die uitdrukking "*die dag van sy toorn*" (v.5) word nie weergegee in die omdigting nie. Daar word slegs omgedig: "En God se toorn sal u laat seëvier". In die Nuwe Testament word daar in Openbaring na hierdie dag verwys en daar word dit heel spesifiek genoem "die groot dag van sy (die Lam) toorn" (Op.6:16).

- **Psalm 118:22**


Die teks in die Bybel lui: "Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n *hoeksteen* geword". Die 2001-OMDIGTING dig dit om: "Die *klip* wat eers 'n plek ontsê is as

bousteen in die groot gebou - Die steunpunt waar dit ingelê is...". Met die wegdig van die woord "hoeksteen" kan 'n lidmaat nou onmoontlik meer die verband met tekste soos Mt.21:42, Mk.12:10,11, Lk.20:17, Hand.4:11, Ef.2:20-22; 1Pt.2:4-8 en Sag.4:7 sien nie. Dit het onsigbaar geword en onmoontlik om te sien dat ons hier met 'n teks te make het wat van Christus sing. Dit verduister hierdie Psalm se Christologiese karakter en inhoud. Dit is eintlik onbegryplik dat die 2001-OMDIGTING die woord "hoeksteen" nie net so weergee in die omdigting nie. Dit is tog 'n erkende en bekende woord in Afrikaans. Boonop is dit ook die vertaling wat die beste woordeboek in Hebreeus (Koehler) gee.

### **3.7.5. Gevolgtrekking**

Die 2001-OMDIGTING leer lidmate nie die Skrif – die Ou Testament en die Nuwe Testament - ken en verstaan nie.

Die Psalms is nie algemene godsdienstige liedjies nie, maar liedere wat aansluit by die openbaring van die HERE in Moses en die profete. Die Psalms hang nie in die lug nie, maar wys heen na en profeteer van dit wat ons in die Nuwe Testament lees.





### 3.8. Beswaar 8: Die verbond

#### 3.8.1. Die 2001-OMDIGTING is nie verbondsmatig nie

Reeds in sy wegdig van *die Verbondsnaam HERE* (Jahwe) kan gesien word hoe weinig gevoel en waardering die 2001-OMDIGTING vir die verbondslyn in die Psalms het. (Hiermee wil ons glad nie sê dat net die Naam HERE in verband met die verbond gebruik word nie).

Die 2001-OMDIGTING se hantering van die *Wraakpsalms* onderstreep eweneens hul gebrekkige waardering vir die verbond, want die WraakPsalms het alles te doen met die verbond. Dit gaan immers in daardie Psalms om *verbonds*-wraak. In aansluiting hierby kan die 2001-OMDIGTING se weglating van "die dag van sy toorn" (Psalm 110:5 ) genoem word – daardie groot dag van die HERE se verbondswraak.

Maar dit is nog nie al nie. Wie Messias sê, sê verbond, want Christus is die vervulling van die verbond, die hart van die verbond, die fondament daarvan. Deur so om te gaan met die *Messiaanse Psalms* soos wat die 2001-OMDIGTING dit doen, word die fondament van die verbond aangeraak.

#### 3.8.2. Nog enkele voorbeelde daarvan

- Die woord **verbond**:

Die Bybel self gebruik die woord 21 keer (in verband met die verbond van die HERE), die 2001-OMDIGTING net 13 maal. Dit het sekerlik nie net met die 2001-OMDIGTING se verkorting van die Psalms te make nie. Inteendeel, in 3 Psalms (Psalm 25, 55 en 74) is dit doodeenvoudig heeltemal weggelaat deur die 2001-OMDIGTING.

- Die woord **goedertierenheid**:

In **Psalm 136** dig die 2001-OMDIGTING goedertierenheid om met die woord "liefde": "Deur sy liefde onbeperk het Hy wondere bewerk". In die 1953-vertaling lui die refrein: "Want sy goedertierenheid is tot in ewigheid".

Hierdie refrein kom ook nog in ander Psalms voor. Die 2001-OMDIGTING dig dit dan soos volg om: "Gods liefde onbeperk" (Ps.106:1); "Sy liefde, grenseloos" (Ps.107:1); "eindeloos is sy genade" (Ps.118:1).

"Liefde onbeperk" of "liefde grenseloos" is nie 'n goeie vertaling nie. Die "*onbeperk*" klink vir my te wyd (God is liefde, vir alle mense?). Dit klink, om die minste daarvan te sê, vreemd op die oor. God se liefde (ek verkies trou, lojaliteit) is nie onbeperk nie. Dit is begrens, want dit is verbondsliefde of -trou, goedheid binne die raamwerk (grense) van die verbond. Dit is die HERE se trou jeens sy verbondsvolk met wie Hy in 'n verbondsverhouding staan. Maar van hierdie verbondstrou, die goedheid vir sy volk, kan ons sê dat dit tot in ewigheid is. Ps.136 wys juis dat hierdie verbondstrou of goedheid altyd daar is: Dit begin al by die skepping, word ervaar in die verlossing uit Egipte en dra die volk tot in Kanaän (die ewigheid). Dit kan in al daardie gebeure gesien word.

Die beste Hebreeuse woordeboek (Koehler – nuutste uitgawe) sê (spesifiek by Psalm 136) ten opsigte van *goedertierenheid* (chesed) die volgende: God's relationship (dit gaan dus om 'n verhouding, 'n verbondsverhouding – AHB) with the people or an individual, **faithfulness, goodness, graciousness** (LW: nie "liefde" nie). Die woord goedertierenheid kan volgens my goed weergegee word met verbondstrou, -goedheid of-lojaliteit. Daarin sit beslis ook die element van genade. Die liefde is onverdiend. Daarom vertaal die NT dit ook met genade (Joh.1:14: vol van genade...- tot oorlopens toe vol van onverdiende verbondstrou). Dit is liefde wat gegrond is in die bloed van die verbond - daarom deur en deur genadige goedheid.

- Die woord **regverdige(s)**:


**Psalm 146** is soos alle ander Psalms liedere van die verbond. Dit gaan daarin oor die HERE se sorg vir sy verbondsvolk. Vers 4 van die 2001-OMDIGTING (omdigting van vers **6-7**) laat dit egter slaan op die mens in die algemeen, want dit lui: " So bly Hy ook aan die mense as sy maaksels steeds getrou" – terwyl dit heel in die besonder gaan om die HERE se trou jeens sy volk en spesifiek sy trou jeens die verdruktes onder hulle. In vers **8** (in die Bybel) staan dan, nadat die HERE van sy trou jeens sy verbondsvolk gepraat het: " die HERE het die regverdiges lief". Die *regverdiges* – 'n verbondswoord deur en deur, 'n woord van kardinale belang in die Psalms, 'n woord wat reeds in die heel eerste

Psalm aangetref word. Daarmee word uitgespel presies oor wie dit in hierdie Psalm gaan, wie die voorwerp van die HERE se sorg is: nie die mensdom in die algemeen nie, maar hulle onder sy volk wat deur die geloof in die regte verhouding – deur die geloof geregverdig - tot Hom staan. Maar die 2001-OMDIGTING laat juis hierdie sin heeltemal weg.

En dan **Psalm 33**. Hoe verbysterend min gevoel die 2001-OMDIGTING vir die verbond het en vir dit wat die hart van die Reformasie van Calvyn en Luther was – die regverdigmaking deur die geloof alleen – kan ook gesien word in die 2001-OMDIGTING se Psalm 33:1: "soos dit gehoorsames betaam". Maar in die oorspronklike staan daar tenenemale nie gehoorsames nie, maar "regverdiges". En juis in verband met Psalm 32 kan gesien word wat hierdie regverdiges eintlik is: nie gehoorsames nie, maar hulle wat deur die geloof geregverdig is en daarom alleen regverdiges is. Die woord regverdiges in Psalm 33 kan net begryp en verstaan en uitgelê word in die lig van Psalm 32 en die wonder van skuldvergifenis waarvan laasgenoemde sing. Geen enkele Hebreeuse woordeboek sal die woord regverdiges so vertaal soos die 2001-OMDIGTING dit in Psalm 33 doen nie.

### **3.8.3. Gevolgtrekking**

Ook in hierdie opsig skiet die 2001-OMDIGTING wat Skriftuurlikheid betref tekort. Dit lyk asof die 2001-OMDIGTING geen gevoel vir die verbond het nie.



### **3.9. Beswaar 9: *Weinig respek vir die Bybelse geskiedenis en name.***

#### **3.9.1. Inleiding**

Dit is opvallend hoe min waarde die 2001-OMDIGTING heg aan die feite uit die Heilsgeskiedenis – terwyl die Heilige Gees juis besondere waarde daaraan heg deur die name en feite pertinent te noem. Die 2001-OMDIGTING se argeloosheid kom uit in dinge soos weglating van eiename en heilsfeite uit die heilsgeskiedenis.

#### **3.9.2. Voorbeelde**

Net 'n paar voorbeelde ter illustrasie:

- **Psalm 68:28, 32**

**Vers 28** in die 1953-vertaling lui: "Daar is Benjamin, die kleinste, wat oor hulle geheers het; die vorste van Juda—hulle menigte; die vorste van Sébulon, die vorste van Náftali".

Die name in hierdie vers is glad nie omgedig nie. Maar dié name – Benjamin, Juda, en Sebulon, Naftali. – , dit is sekerlik nie niksseggend nie. Dit gaan nie om gewone name nie, maar om die kerk, die volk van God! Wat 'n wonder dat ook Sebulon en Naftali daar is as bewys dat ook hulle gebied, wat so lank onder vreemde oorheersing verkeer het, weer deel uitmaak van die erfgoed van Israel. Ook hulle deel in die triomf, in die opgang van die ark, in die triomftog van die HERE. Die Heilige Gees wil dat dit gesien moet word en vir altyd onthou moet word – maar die 2001-OMDIGTING laat dit weg. Vir die 2001-OMDIGTING is die name Sebulon en Naftali niksseggend, maar vir die Nuwe Testament (Mt.4:13 e.v.) is hierdie name so gewigtig, dat spesiaal melding gemaak word van Sebulon en Naftali en die vervulling van die profesie van Jesaja 8:23 e.v.: "En Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnaüm aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali, sodat vervul sou word wat gesprek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Die land Sébulon en die land Náftali, na die see toe, oorkant die Jordaan, Galiléa van die heidene — die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan".

**Vers 32** in die 1953-vertaling lui: "Edeles sal uit Egipte kom, Kus sal haastig sy hande uitsteek na God". Maar van die name Egipte en Kus hoor ons niks in die 2001-OMDIGTING nie. Maar name sê iets: Dat magtiges uit Egipte, die Egipte van wie Israel soveel gely het, die vyand van God en sy volk, dat selfs hulle kom om die God van Israel te eer – is dit nie vermeldenswaardig nie? Die 2001-OMDIGTING dink nie so nie.

- **Psalm 136**

Terwyl die Heilige Gees besluit het dat dit wel belangrik is om die name van Farao en Og en Basan te noem, omdat juis in daardie mense en in die verlossingsgeskiedenis waarin hulle betrokke was, die verbondstrou van die HERE so duidelik blyk, besluit die 2001-OMDIGTING dat dit onbelangrik (oortollig, herhaling) is, laat dit weg en maak van hierdie Psalm – met 'n baie spesifieke, naamgerigte en histories gerigte, heilshistoriese agtergrond – 'n histories vae lied.

Dit doen die 2001-OMDIGTING terwyl die Ou Testament op verskillende plekke besondere prominensie gee aan die name Farao (vgl. o.a. die hele Exodus-geskiedenis), Og en Basan (vgl. o.a. Num.21 en Deut.2-3).

- **Psalm 135**

In die omdigting van Psalm 135 word die naam van Farao wel genoem. Maar daarmee is ook omtrent alles gesê, want met een enkele sinnetjie ("Van die farao bevry"), word die ryk geskiedenis van vers 8 tot 9 ("wat die eersgeborenes van Egipte getref het, van mense sowel as van vee; wat tekens en wonders gestuur het binne-in jou, o Egipte, teen Farao en teen al sy knegte") afgerammel.

Weer - net soos in Psalm 136 - word die tref van die eersgeborenes, die klimaks van die tien plae (v.8) en die vermelding van die oorwinning oor die magtige – let wel: weer "magtige" - konings, Sihon en Og (vv.10-11) weggelaat. Dit is weglatings by herhaling. Praat die Heilige Gees dan verniet so uitgebreid daaroor?

### 3.9.3. Gevolgtrekking

Terwyl die Heilige Gees, die Skrywer van die Psalms, groot waarde aan name en heilsfeite heg, ag die 2001-OMDIGTING dit so onbelangrik, dat dit sommer weggelaat word.

Die heilshistoriese (Bybelse geskiedenis) agtergrond van die Psalms verdwyn in die 2001-OMDIGTING in 'n baie groot mate.

Dit is egter nie al nie: Die name wat so roekeloos weggelaat word, herinner aan die groot dade van die HERE. Die Psalms sing nie van sommer sulke gewone, alledaagse gebeurtenisse nie, maar hulle juig oor die Moses en die Profete, oor die Woord van die HERE en oor die dade van die Verbondsgod in die geskiedenis. Hulle sing nie sommer net oor 'n vereniging nie, maar hulle jubel en sing oor die kerk, die volk van God en wat die HERE self in die lewe en in die geskiedenis van sy volk gedoen het. Die HERE se dade in sy Woord, die Godsopenbaring, die Bybel soos hulle dit in Moses en die Profete gehad het, - *Dit* (met 'n hoofletter) gee hulle sangstof. *Dit* is die inhoud van hulle sang. Daarom is die name en die feite wat in die Psalms genoem word nie sommer niks nie.

Meer nog: Dit kom as bevel tot ons dat ons moet dink aan sy wonders: "Dink aan sy wonders wat Hy gedoen het" (Ps.105:5). Dit sluit die tekens en wonders wat die HERE in Egipte gedoen het in (Ps.135:8-9). Ons Here is daarin aan die werk en daarom kan ook ons met verwondering daaroor sing en daardeur bemoedig word.

## **BYLAE A van Sinode 2003 – Kritiek op die Nuwe Afrikaanse Psalmberyming**

### *1. Algemene opmerkings oor die aard van omdigting*

#### **TAAL**

In enige teksbewerking het 'n mens met probleme te make wat voortspruit uit die aard en werking van taal. Ook in die werk van die Gesamentlike Psalmkommissie het daar sulke probleme na vore gekom en dié probleme moes grondig beredeneer, ondersoek en opgelos word. Die lede van die Gesamentlike Psalmkommissie was later baie goed ingewerk in die problematiek en die praktyk van die onderneming en het opreg probeer om 'n goeie produk wat kerklik en teologies aanvaarbaar sal wees, daar te stel.

Om die Psalms wat baie eeue gelede in Hebreeus, asook binne 'n bepaalde literêre en religieuse tradisie, geskryf is, vir gebruik in die kerke van ons tyd aan te pas, is nie maklik nie. Dit impliseer onvermydelik 'n reeks bewerkings van die oorspronklike tekste.

- Daar moet 'n interpretasie van die oorspronklike teks gemaak word om die betekenis so na as moontlik te peil.
- Hierdie interpretasie sluit in die betekenis van woorde sowel as die betekenis en klem plasings wat deur die struktuur van die oorspronklike Hebreeuse poëtiese teks gesuggereer word.
- Daarna moet hierdie interpretasie in 'n ander taal (Afrikaans in hierdie geval) verwoord word.
- Die verwoording moet aangepas word om 'n poëtiese vorm te verkry en die poëtiese vorm moet van so 'n aard wees dat die Psalms op bepaalde wysies gesing kan word.

Al hierdie prosesse behels verwerking en aanpassing. Dit kan logies nie anders nie. Die oorspronklike betekenis moet so noukeurig as moontlik behou word, maar dit geskied telkens in ander woorde.

Taal is die instrument in terme waarvan hierdie prosesse geskied, maar die verhoudinge tussen woorde en hulle betekenis is kompleks. Die verhouding

tussen woorde en hulle betekenis is nie een-een-duidig nie omdat verskillende woorde dieselfde betekenis kan hê en omdat, aan die ander kant, dieselfde saak met verskillende woorde aangedui kan word. Daar kan verder op meer as een manier na 'n woord gekyk word en verskillende betekenis kan aan dieselfde woord toegedig word. Dit is dus nie moontlik om te sê dat in die verwerkingsproses net sekere woorde reg sal wees en ander absoluut verkeerd nie.

Die digter moet bykomend tot die komplekse verhouding tussen woorde en betekenis, die betekenis in 'n poëtiese vorm weergee.

Die vorm van die psalm as kontemporêre lied word deur die wysie en die musikale reëls vasgestel.

Die digter moet afgesien van taaltransformasies (vertaling sowel as verwerking na poëtiese vorm) ook die formele eise van die musiek nakom en respekteer om 'n singbare produk daar te stel.

Die digter doen die verwerkings op grond van die eksegeese wat aan hom verskaf is en die bewerkings kan eksegeties gekontroleer word (in hierdie geval tot 6 of 7 keer toe). Al word daar hoeveel sorg geneem dat die eksegeese duidelik is en die betekenis sover as moontlik gekontroleer kan word, is daar steeds groot formuleringsvariasies moontlik sonder dat die betekenis geweld aangedoen word. 'n Emosionele lading in 'n bepaalde psalm kan of deur direkte segging weergegee word, of deur ander middele byvoorbeeld deur die gebruik van 'n bywoord of byvoeglike naamwoord wat emosie uitdruk (bv. **dan** op bepaalde plekke).

In die omdigtingsproses waaroor dit hier gaan, was die oogmerk om die beste keuse van woorde te maak sodat die betekenis van die Hebreeuse psalms nie verlore sal gaan nie. Dit is egter ook so dat dit nie altyd presies duidelik is wat in die Hebreeus bedoel word nie en dan moet daar weer met omsigtigheid keuses uitgeoefen word.



In enige taalbewerking is daar dus 'n speling van betekenis aanwesig en werkzaam omdat die betekenis van woorde nie absoluut en onwrikbaar en eenduidig is nie. Dis onvermydelik en dit geld vir alle vertalings en vir alle berymings, ook die Totiusberyming en ook die nuwe Afrikaanse omdigting. Die volle konsekwensies van die komplekse taalprosesse waarmee 'n mens hier werk, kan uitvoerig bespreek word, maar dit behoort duidelik te wees dat 'n mens hier te make het met die beperkinge en die aard van taal self.

## **TAAL IN ONTWIKKELING**

Daar word dikwels gedink dat die nuwe omdigting in Afrikaans net te make met die verouderde woorde in die 1936/7-beryming, maar dit gaan inderdaad om veel meer. Die poëtiese styl en segging van die Totiusberyming maak van die 150 Psalms wat ons tans gebruik 'n stilisties samehangende teks en die verandering van enkele woorde en frases doen nie net afbreuk aan so 'n teks nie, maar los nie die probleem van 'n bepaalde gedateerde vorm van kommunikasie op nie. Die poëtiese styl van die tyd waarin Totius gewerk het, die kerktaal van die tyd en die Nederlandse beryming wat as ou goud bewaar moes word, het ook 'n rol gespeel in die omdigting. In geheel gesien was dit goeie werk, inderdaad 'n kragtoer gesien hoe jonk Afrikaans as taal toe was en hoe klein die poëtiese tradisie in Afrikaans toe was. Die nuwe omdigting werp geen refleksie hoegenaamd op die kwaliteit van die werk wat in die Ou Beryming gedoen is nie, hoewel 'n objektiewe blik uitwys dat die Ou Beryming heelwat bygeskryfde dele bevat.

Die nuwe omdigting is egter veel meer eenvoudig en direk en dit is die styl wat tans as goeie poësie beskou word soos gereelde lesers van poësie in Afrikaans, Nederlands, Engels of Duits weet. Dit is ook interessant dat die Hebreeuse psalms juis baie eenvoudig en direk in segging is sodat die nuwe omdigting goed by die oorspronklike aansluit wat betref poëtiese toonaard.

Die nuwe omdigting kon steun op 'n sterk poëtiese tradisie in Afrikaans wat betref woordeskat sowel as sinsbou en ander poëtiese tegnieke en dit het die digter in staat gestel om die eise van die noukeurige eksegeese en die musiek uit te voer.

### **INTERTEKSTUELE VERBANDE**

Die belangrikste oorweging in die nuwe bewerking van die psalms deur die Gesamentlike Psalmkommissie was onteenseglik die eksegetiese betroubaarheid van die nuwe omdigtings. Daar is aan die digters eksegetiese studies van die psalms verskaf en die bewerkings is deur verskillende Kommissies herhaaldelik deurgewerk en gekontroleer.

Die uitgangspunt was deurgaans dat die Hebreeuse teks so noukeurig as moontlik gevolg moet word.

Daar is selfs daarvan weggeskram om allerlei interpretasies (in kontemporêre bronne sowel as in die Hebreeuse tradisie self) in die omdigtings in te werk, want as dit gedoen sou word, sou dit uiters moeilik wees om te weet waar die streep getrek moet word. Die intertekstuele verbande wat regdeur die versameling boeke waaruit die Bybel bestaan voorkom en wat die Bybel as openbaringsgeskrif kenmerk, is eindeloos en sluit in onderlinge interpretasies van die Psalms deur ander Bybelskrywers, deur Jesus self en deur die Apostels. Maar teoreties gesproke kan sulke onderlinge verbandleggings eindelose kettings van betekenis tot gevolg hê. Die gebruik van dele van die Psalms op ander plekke in ander Bybelboeke is ook telkens afgestem op dit wat in die bepaalde onderhawige teksgedeelte van belang is. Die vraag wat by die omdigting van die oorspronklike poëtiese Psalmtekste na vore kom, is : Watter van die interne verbande tussen die psalms en ander Bybelboeke moet deur die digter gevolg word.? En waar sal die proses afgesluit word? Na een verband? Of na watter een? Of na watter twee of drie? Of almal? Dan gaan dit nie meer om 'n omdigting nie, maar om 'n preek of 'n dissertasie in 'n proses wat potensieel eindeloos kan wees.

Gevolgtlik is daar in hierdie omdigtingsproses uiters noukeurig gewerk en die Hebreuse teks is op die voet (of op die letter!) gevolg sover as wat dit moontlik was. Die belangrike insig wat hier geld is dat indien die oorspronklike psalmteks in Hebreeus of in vertaalde vorm tot bepaalde simboliese en metaforiese interpretasies lei, die omgedigte psalms tot dieselfde interpretasie kan lei omdat dit so noukeurig as moontlik die inhoud van die oorspronklike tekste weergee. Indien daar dan betekenisvolle verbande met ander Skrifgedeeltes bestaan, behoort die noukeurig omgedigte Psalm dieselfde verband te vertoon.

## **METAFORE**

'n Ander belangrike saak gaan om die metaforiek. 'n Metafoor word gebruik in alle soorte poësie om juis 'n hele aantal betekenis te aktiveer. Metafore teleskopeer betekenis. Indien in 'n omdigting (of vertaling) 'n metafoor verklaar word of indien aan een van die betekenis voorrang gegee word, word die totale betekenis van die metafoor uiteraard verskraal. Dit is juis vanweë die soepelheid van metafore wat taaltekste altyd nuut bly. In hierdie omdigting is die metafore sover as moontlik behou net soos wat hulle voorkom in die oorspronklike tekste hoewel die struktuur en die volgorde van woorde kan verskil.

## **DIE SAMEVOEGING VAN VERSKILLENDE ASPEKTE**

Die omdigtingsproses se grootste toets lê in die saamvoeging van insigte uit verskillende vakgebiede.

Die eksegeese is die eerste en laaste maatstaf vir die betekenis, maar die musiek dwing 'n bepaalde vorm af, anders is die psalms onsingbaar. Die ritme van die versreël, die sogenaamde woordtoonverhouding sowel as die struktuur en patrone in reëls en in strofes stel dwingende eise wat gehoorsaam moet word anders is die eindproduk onsingbaar.

Dit beteken dat die taal die enigste veranderlike is. Wat gesê moet word, word deur die eksegeese bepaal. Hoe dit struktureel moet lyk, word deur die musiek

bepaal en die digter is die een wat dit moet waar maak en uitvoer tot in die detail van dubbel- en driedubbelryme en rusplekke (sesure) in die middel van reëls en vaste rymskemas en onsingbare woorde wat nie gebruik kan word nie. Dit vereis groot tegniese vaardigheid en eindelose geduld.

## **Samevattende opmerkings oor kommentaar op die Psalmomdigting**

### **Enkele algemene opmerkings oor taalverwante aangeleenthede**

#### **KUNDIGHEID**

Die Gesamentlike Psalmkommissie het bestaan uit kundige mense (eksegete, musikoloë, letterkundiges en taalkundiges, akademici sowel as predikante) wat deur die Sinodes van die N.G.Kerk, die Gereformeerde Kerke en die Hervormde Kerk (asook die APK as waarnemers) aangewys is. In die besprekings het die lede, almal kundiges, mekaar se vakkundigheid gerespekteer en die samewerking tussen die verskillende groepe en die verskillende kerke was regtig besonder goed. Dit sou uiters jammer wees as die gesprek oor die Psalmomdigting gevoer word op 'n vlak waar kundigheid belaglik en verdag gemaak word. Die Sinode van die Gereformeerde Kerke het mense aangewys op grond van erkende kundigheid om aan hierdie werk mee te doen. As daar na die trant en toonaard van sommige items in die kommentaar gekyk word, staan die kundiges byna as aangeklaagdes daar. Daar moet in die hantering van die saak verder deeglik besin word oor die waarde van kundigheid sonder dat daarmee geïmpliseer word dat ander mense te min weet of dat die kundiges meerderwaardig is. Maar daar is mense wat hulle werk ken, wat deur hulle kundigheid 'n bydrae tot die kerklike erfenis kan en wil maak en dit met groot toewyding en in geloofsoortuiging doen. Dit is jammer dat kerkrade kommentaar van duidelik onbevoegde mense net so deurgestuur het ten spyte van die kwetsende en kleinlike aard daarvan.

#### **GEHALTE VAN TAAL EN POËSIE**

- Hierdie omdigting is nie perfek nie. Niks is perfek nie. Mense kan eindeloos gaan vlieë afvang oor 'n woord hier of 'n woord daar in 'n proses wat geen vertaling of beryming in elk geval sal kan deurstaan nie. Die opmerkings oor die gehalte van omdigting is in geheel gesien nie geldig nie. Vanselfsprekend kan daar kritiek op enkele woorde of frases wees, maar die Kommissielede weet hoe elke woord geweeg is en dat daar dikwels 'n spesifieke rede was vir die keuse van 'n ongewone woord.
- Sommige van die kommentaar (bv. dat die woord goudbrokaat onverstaanbaar is omdat daar in die mynbedryf nie so 'n woord bestaan nie - p.58, dat die woord "dan" nie gebruik moes gewees het nie, want dit staan nie in die Hebreeus nie - p.12 van dr. Bogaardts se stuk) is duidelik ongeldig en kan daar gelaat word. Ander opmerkings kan in die lig van die onvermydelike variasies in formulering hanteer word.
- Die besware teen die intensiteit van woorde is (woede teenoor ontstel met verwysing na die Engelse woord fret; hartlik teenoor baie, ens.) het veel te make met subjektiewe interpretasies en die assosiasies wat bepaalde mense van woorde het. Daar kan eindeloos daaroor geredeneer word sonder enige vrugbare resultaat.
- Die beswaar teen die digters op grond van hulle ander werk (p.54) is byna skrikwekkend in die vertoon van onkunde. Die aangehaalde gedigte is radikaal verkeerd verstaan en as net heiliges aan so 'n projek mag werk, sou daar nooit enige omdigtings gemaak kon word nie. Nogtans sal hierdie saak genoem en duidelik gemaak moet word, aangesien mense die omdigting by wyse van assosiasie daardeur verdag maak. As gevolg daarvan sal die omdigting onaanvaarbaar gevind word op grond van menings en gerugte wat versprei word, terwyl dit vir enigeen met selfs geringe literêre kennis duidelik is dat die standpunte ongeldig is.

- Die feit dat verskillende kerke en individue verskillend op spesifieke taalkundige en poëtiese aspekte reageer en dat daar telkens ander probleme en ander voorbeelde genoem word in die kommentaar, toon dat 'n mens nie aan die besware kan gevolge gee nie. Wie se mening gaan gevolg word in die nuwe redigering? As elke woord weer gekontroleer moet word, word die hele projek immers gewoon herhaal. Dan sal daar weer nuwe besware en probleme na vore kom.

Oor die gewenstheid van die nuwe omdigting, verwys ons na die inleiding wat Totius geskryf het by die verskyning van die proefkopie van die eerste 36 berymde Psalms in 1922.

"Net soos by die Bybelvertaling is ook by die beryming van die Psalme die belangrike punt nie die meerder of minder verstaanbaarheid van die Hollands nie - 'n punt waaromtrent die opvattinge kan verskil; nee, waar dit vir ons op aankom, veral in die saak van ons godsdienst, is die intimiteit. Ons wil volkome vertrouwd wees met die instrument van die taal; ons wil voel wat ons sê..."

Die argumente oor die wenslikheid of nodigheid daarvan om die Nederlands te vervang klink bykans dieselfde as dié wat ons tans hoor oor die verouderde taal van die Totiusberyming. As 'n mens 'n paar gedigte uit die periode tussen 1915 en 1930 (selfs 1940) hardop lees, weet jy dadelik dat hoe mooi dit ook al is, dit in toonaard, in aanslag en styl gans anders klink as die spreektaal en poëtiese taal van vandag. Dit geld vir die werk van Celliers, Leipoldt en selfs vir die vroeë Van Wyk Louw. Die effense hoogdrawendheid, die geswolle woordeskat en omhaal van woorde sit in die grein van elke reël. Die probleem gaan dus glad nie om enkele woorde wat verander kan word nie of om enkele minder bekende woorde in die nuwe omdigting nie. Dit gaan om die totale taalaanbod wat stilisties anders is en klink soos goeie en stylvolle maar eenvoudige en direkte Afrikaans wat tans gebruik word.

- 1.1 Van die kritiek wat ontvang is, gaan nie op besonderhede in nie, maar gee slegs 'n algemene beoordeling. Die algemene beoordelings wissel van baie positief tot baie negatief, met 'n verskeidenheid van menings tussen in. Die meerderheid van die stukke wat ontvang is, is egter ten gunste van die gebruik van die Nuwe Beryming, ten spyte van sekere punte van kritiek.
- 1.2 Dit is so dat baie van die kritiek waarde-oordele gee, sonder 'n motivering. Vir die beoordeling van die kritiek en vir 'n beoordeling van die beryming help dit nie as daar bloot staan dat die beryming van 'n sekere Psalm swak of goed is nie.
- 1.3 Baie van die kritiek fokus ook op sake van kleiner detail, sonder om die konteks van die Psalm as geheel in ag te neem. Dit gebeur veral wanneer die kritiek daarop neerkom dat iets weggelaat of iets bygevoeg is. So 'n punt van kritiek moet in die lig van die geheel van die Psalm beoordeel word, met inagneming van die besondere vereistes vir 'n beryming en die probleme waarmee 'n berymer te doen het. Dit raak onder andere die strukturering van 'n berymde Psalm. Die probleme waarmee 'n berymer te doen het, kan veroorsaak dat soms ingekort en soms uitgebrei moet word, om die beryming in 'n sekere aantal strofes te struktureer. Dit is immers belangrik dat die strofes sinvolle eenhede moet uitmaak, wat aanpas by die struktuur van die betrokke Psalm.
- 1.4 'n Vraag wat aandag behoort te kry, is die verhouding tussen die twee berymings. Van die kritiek wat uitgespreek is, kom daarop neer dat die Nuwe Beryming baie korter as die Ou Beryming is en dus stukke uitgelaat het. Die Nuwe beryming moet nie beoordeel word in die lig van die Ou Beryming nie, maar in die lig van die oorspronklike. Wat die lengte van die twee berymings betref, is dit ook noodsaaklik dat die berymings met die oorspronklike vergelyk moet word, en nie met mekaar nie. Een van die persone wat kommentaar gelewer het, het die lengte van die twee berymings bepaal. Volgens hom bestaan die Ou Beryming uit 12692

versreëls en die Nuwe Beryming uit 5190 versreëls, met die gevolg dat die omvang van die Nuwe Beryming 41% van die Ou Beryming is. Dit is wel interessant, maar sê niks as dit nie met die omvang van die Hebreeus vergelyk word nie.

Dit wil voorkom asof die syfers nie korrek is nie. Volgens 'n nuwe berekening het die Ou Beryming 8157 reëls, die Nuwe Beryming 5218 reëls en die Hebreeus 3034. So gesien is die beide die berymings baie langer as die Hebreeus. Dit is egter so dat Hebreeus 'n sintetiese taal is, terwyl Afrikaans analities is. Dus sal die Afrikaans uiteraard langer as die Hebreeus wees. Verder is die struktuur van die Hebreeuse poësie so dat 'n versreël normaalweg uit twee dele bestaan wat aan mekaar op een of ander wyse (bv. Soniem, antities of sinteties) parallel is. 'n Mens sou dus geredelik kan aanvaar dat een Hebreeuse versreël normaalweg twee versreëls in die Afrikaans sou kon word. Die Nuwe Beryming het 1.72 reëls per Hebreeus reël en die Ou Beryming 2.69. Hiervolgens beslaan die Nuwe Beryming 64% van die Ou Beryming. Om bogenoemde te illustreer, asook die sake in 1.6 vermeld, kan die twee berymings van Psalm 1 struktureel vergelyk word. In die Ou Beryming is daar vier strofes en in die Nuwe beryming 3. Die Hebreeuse Psalm beslaan 10 versreëls, die Ou Beryming 24 en die Nuwe Beryming 18.

Die Nuwe Beryming is dus naby aan 2 reëls per Hebreeus reël en die Ou Beryming onder sy normale gemiddeld van meer as vier reëls per Hebreeuse reël. In die Ou Afrikaanse Vertaling het Psalm 1 134 woorde en in die Nuwe Afrikaanse vertaling 131.

Die Nuwe Afrikaanse beryming het 133 woorde en die Ou Afrikaanse Beryming 182 woorde. In die Nuwe Beryming is strofe 1 'n beryming van vers 1, strofe 2 van vers 2 en 3 en strofe 3 van verse 4-6. In die Ou Afrikaanse beryming is strofe 1 'n beryming van verse 1 en 2, strofe 2 van



vers 3, strofe 3 van vers 4 en 5 en strofe 4 van vers 6. Dit is insiggewend om gegewens oor die twee beryming in tabelle te plaas.

### Ou Beryming

Strofe	Vers (reëls in Hebreeus)	Woorde OAV	Woorde NAV	Woorde OB
1	1,2 (3)	50	39	50
2	3 (3)	35	32	44
3	4,5 (3)	32	42	44
4	6 (1)	17	18	44
Totaal		134	131	182

### Nuwe Beryming

Strofe	Vers (reëls in Hebreeus)	Woorde OAV	Woorde NAV	Woorde OB
1	1 (2)	32	23	46
2	2-3 (4)	53	48	43
3	4-6 (4)	49	60	44
Totaal		134	131	133

Deur bloot na die getalle te kyk, is dit duidelik dat die Nuwe Beryming in strofe 1 moes uitbrei, terwyl die Ou Beryming in strofe 4 moes uitbrei, waar een reël in die Hebreeus ses in die beryming geword het. Beide die berymings se indeling van verse in strofes maak sin, en dit het uitbreidings op verskillende plekke tot gevolg gehad.

Baie van die kritiek aanvaar sonder meer dat die Ou Beryming of die Ou Vertaling korrek is, sonder om die moontlikheid dat die Nuwe Vertaling of

die Nuwe Beryming op sekere punte 'n beter weergawe van die oorspronklike kan wees, in ag te neem nie. So is die partikel *ki* in Psalm 136 in die Ou Vertaling en die Ou Beryming redegewend vertaal, terwyl dit eerder bevestigend moet wees. Hier is die Nuwe Beryming en Vertaling dus beter.

1.5 In die bespreking van die kritiek op die Nuwe Beryming, kan die kritiek in sekere groepe verdeel word, omdat sekere sake telkens weer na vore kom. Die kritiek handel dikwels oor sekere beginselsake, soos byvoorbeeld die hantering van die Godsdname, wraakpsalms en Messiaanse Psalms. Vir die beoordeling van sulke kritiekpunte is dit sinvol om die beginsel wat ten grondslag van die kritiek lê, te formuleer en te beoordeel. Alhoewel 'n mens nie die twee berymings met mekaar behoort te vergelyk wat die afsonderlike Psalms betref nie, is dit wel sinvol om in die geval van sulke beginselsake te kyk hoe die Ou Beryming dit hanteer het, omdat die Ou Beryming tans die aanvaarde beryming is.

1.6 Van die kritiek wat teen die Nuwe Beryming uitgespreek word, gaan daarvan uit dat die Nuwe Beryming baie nou verband hou met die Nuwe Afrikaanse Vertaling. Die stelling kan wel bevraagteken word. In die verskillende Kommissies wat die berymings beoordeel het, is telkens na die oorspronklike gegaan om die beryming daaraan te toets. Dit is bekend dat die Nuwe Vertaling dikwels die Psalms ontbeeld het, terwyl beeldspraak juis 'n besondere rol in poësie speel. Die Nuwe Beryming het gevolglik meer van die beeldspraak behou as die Nuwe Vertaling.

In die lê van 'n verband tussen die Nuwe Beryming en die Nuwe Vertaling word in die kritiek teen die Nuwe Beryming ook dikwels dieselfde kritiek teen die Nuwe Vertaling uitgespreek as teen die Nuwe Beryming. In die proses vergeet diegene wat die kritiek uitspreek egter dat die Nuwe Vertaling deur die Sinode van 1985 by die kerke vir gebruik aanbeveel is en dat 'n Beswaarskrif teen die Nuwe Vertaling, wat voor die Sinode van 1988 gebring is, deur die Sinode van 1991 volledig afgewys is. Baie van die kritiek teen die Nuwe Beryming is dus reeds inhoudelik deur die Sinode van

1991 afgewys as redes om die Nuwe Vertaling nie in die kerke te gebruik nie en sal dus ook nie geld as beswaar teen die Nuwe Beryming nie. Beginsels wat vir Bybelvertaling geld, kan ook nie sonder meer na Psalmberyming oorgedra word nie. 'n Mens sou dus nie by 'n vertaling maklik iets by die oorspronklike voeg nie, terwyl dit by beryming wel kan gebeur, bv. om 'n strofe vol te kry, soos wat in die Ou Beryming by Psalm 1 strofe 4 gebeur. Natuurlik is sulke byvoegings onderhewig aan voorwaardes, soos dat dit iets van die Psalm herhaal of direk daarby aansluit.

## 2. *Godsname*

Dit gaan in die betrokke beswaar daaroor dat die onderskeid in die Name Jahwe en Adonai nie in die Nuwe Beryming gehandhaaf is nie en dat God soms gebruik word waar Jahwe/Adonai staan of Here/Heer waar Elohim staan. Die basiese beginsel is dus dat die onderskeid tussen die drie name in 'n beryming van die Psalms konsekwent gehandhaaf moet word. In die opsig wys heelwat van die beswaardes na besluite van die Sinode in die verband (vgl Bundel Kommentaar: 4, 37, 45, 54, 63, 86, 88-89, 107, stuk dr. Bogaards –AB7 e.v., 44) en word die kritiek verbind aan soortgelyke kritiek teen die Nuwe Vertaling.

Wat die Nuwe Vertaling betref, was die saak van die onderskeid tussen Jahwe en Adonai een van die kritiekpunte teen die vertaling in die Beswaarskrif wat teen die Nuwe Vertaling voor die Sinode van 1998 gedien het. Alhoewel die Sinode in 1991 (Acta 122) meriete in die beswaar gesien het, is dit nie beskou as genoegsame rede om die betrokke beswaar teen die vertaling te handhaaf nie.

Soos bo gestel, kan die beginsel ook aan die Ou Beryming getoets word. Dit is wel so dat die Ou Beryming HERE/HEER vir Jahwe gebruik; Here/Heer vir Adonai en God vir Elohim. In beginsel word die onderskeid wel gehandhaaf, maar uit 'n kort steekproef blyk dit spoedig dat die onderskeid nie konsekwent gehandhaaf word nie. So kom in Psalm 1 Jahwe twee keer in die Hebreeus voor en God nie een keer nie. Die Ou Beryming het God twee keer en HERE nie een keer nie. Psalm 14 en 53 is feitlik identies, met onder andere 'n verskil in die gebruik van die Godsname. In Psalm 14 kom Jahwe 4 keer voor en Elohim 3 keer. In Psalm 53 kom Jahwe nie een keer voor nie en Elohim 7 keer. In Psalm

14 kom God in die Ou Beryming 6 keer voor en Godsvrees een keer. HERE word nie een keer aangetref nie. In Psalm 53 het die Ou Beryming God 8 keer, Godsvrees een keer en HERE nie een keer nie. In Psalm 25 kom Jahwe 10 keer voor en God 3 keer. In die Ou Beryming kom HERE 9 keer voor en God 7 keer. In Psalm 87 kom Jahwe 2 keer voor en God een keer. In die Ou Beryming staan HERE een keer en God vier keer. In Psalm 116 staan Jahwe 15 keer en Elohim een keer. In die Ou Beryming staan HERE 8 keer en God 4 keer. Voorbeelde hiervan kan vermenigvuldig word. In die Ou Beryming word Adonai ook nie konsekwent met Here weergegee nie. In Psalm 2:2 en 38:8 word Adonai met HEER weergegee en in Psalm 68:8 met God. Die Adonai wat in Psalm 68:12, 27 en 33 (OAV) staan, is nie in die Ou Beryming nie. Vir die saak van die Godsname in die Ou Beryming is Psalm 86 merkwaardig. In die Hebreus kom Jahwe 4 keer voor, Elohim 4 keer, El een keer en Adonai 7 keer. In die Ou Beryming staan HEER/HERE 10 keer, God 7 keer en Here nie een keer nie. Die Ou Beryming het dus duidelik nie uitgegaan van 'n beginsel dat die Godsname getrou weergegee moet word nie. Dit hoef dus ook nie te geld as 'n beginsel by die Nuwe Beryming nie. Die Ou Vertaling was in hierdie opsig konsekwent, die Ou Beryming egter nie.

### 3. *Wraakpsalms*

Die hantering van die sogenaamde wraakpsalms in die Nuwe Beryming kom ook in 'n aantal skrywes voor (vgl Bundel 41, 51-52, 63, AB28). Hier word in die besonder verwys na Psalm 139 (Bundel 51-52). By Psalm 139 is daar twee berymings. Die verwysing is na die tweede, want die eerste het die wraakgedeelte baie duidelik berym, in bv. strofe 10. Verder word ook verwys na Psalm 59 (Bundel 63) en 137 (Bundel AB 29). Wat Psalm 59 betref, staan die wraakgedeeltes in strofe 2 reël 4, strofe 3 reël 3 en 4 en die hele strofe 5. Wat Psalm 137 betref, het die eerste beryming duidelik die wraakgedeelte in strofe 4. In die tweede beryming staan dit ook duidelik in strofe 4. Daar was geen sprake van 'n sistematiese poging om die wraakgedeeltes uit die beryming weg te neem nie. Hierbo is enkele voorbeelde genoem waar die kritiek nie die volle verhaal

vertel nie. Daar is talle Psalms in die Nuwe Beryming waar die oordeel duidelik uitgespreek word, soos Psalm 52 om 'n enkele voorbeeld te noem. Dit mag wees dat in sommige gevalle dit nie sterk genoeg na vore kom nie, soos in die tweede beryming van Psalm 139, waar dit wel aan die orde kom in die eerste twee reëls van strofe 5, en glad nie soos die kritiek beweër nie.

#### 4. *Verbond*

'n Aantal skrywes voer aan dat die verbondsgedagte nie tot sy reg kom in die Nuwe Beryming nie (Bundel 40, 53, 58, 107, AB 37 ev). Kritiek sluit in dat die verbondsgedagte in Psalm 105:3 nie so sterk is as in die Ou Beryming nie (Bundel 40); dat die verbond in die nuwe omdigtings nie berym is in Psalm 25:10, 14, 55:21, Psalm 78:10 (waar ook die wet verswyg word), Psalm 89:4 en 132:12 (Bundel 53), Psalm 74:20 (Bundel 58) nie en dat die woord verbond net 13 maal in die Nuwe Beryming staan, teenoor 21 in die Hebreeus.

Hierdie beswaar hou tot 'n groot mate verband met 'n foutiewe standpunt oor die verhouding tussen woorde in verskillende tale. Die bewering is dat die Nuwe Beryming die woord verbond uitlaat. Indien 'n beryming op die oorspronklike gebou word, moet onthou word dat Hebreeus nie 'n woord "verbond" het nie. Verbond is 'n Afrikaanse woord. In Hebreeus kom die woord *b<sup>o</sup>rît* voor, wat in sekere omstandighede met verbond vertaal kan word, maar nie altyd nie vertaal kan word nie. In teologiese terme sou 'n mens die gedagte van die verbond verbind aan die verhouding tussen God en sy kinders, waarin God die inisiatief neem. In een van die stukke word gesê dat die Bybel self die woord verbond 21 keer gebruik in verband met die verbond van die Here.

Die Hebreeuse woord kom voor in Psalm 25:10 en 14, 44:18, 50:5 en 16, 55:21, 74:20, 78:10 en 37, 89:4, 29, 35 en 40, 103:18, 105:8 en 10, 106:45, 111:5 en 9 en 132:12. Dit is egter nie so dat die woord in al die gevalle in verband met die verbond van die Here gebruik word nie.

Selfs al word dit in verband met die verbond gebruik, beteken dit ook nie noodwendig dat dit met verbond vertaal moet word nie. Die woord kan byvoorbeeld dui op die bepalinge van die verbond en dan sou die woord met verbondsbevestigings of voorskrifte of iets dergelyks vertaal kan word. Dit kan ook dui op die verbondsoordeel, soos bv. in Jeremia 11. Dit kan ook dui op die band tussen vriende, soos in Psalm 55:9 in die Ou Beryming, waar die woord met vriendskapsbond vertaal is. “Ontrou en verraad” in 55:5 in die Nuwe Beryming verwys ook hierna. Dit is tog dieselfde as om die vriendskapsbond te breek, soos in die Ou Beryming. Die konteks moet dus help bepaal wat die presiese betekenis is, en ‘n vertaling met verbond is nie verpligtend in alle gevalle nie. So word die woord in Psalm 25:10 in die Ou Beryming weergegee met belofte (25:5) en in die Nuwe Beryming met geboorte. Beide is verantwoorde weergawes. Die Ou Beryming omskryf soms die verbond, of voeg daar iets by, soos heilsverbond in Psalm 44:6, verbonde in 50:3 (terwyl die meervoud van die Hebreeuse woord nie voorkom nie), Godsverbond (78:5), trouverbond (89:2), bondsbestel (105:6) Die woord word met verbond weergegee in die Ou Beryming 25:7, 50:8, 74:15, 78:13, 89:11, 13, 15, 103:9, 105:5, 106:18, 111:3, 5 en 132:8 en in die Nuwe Beryming in 44:6 (OB heilsverbond) 50:2 (OB verbonde), 6, 78:10, 89:8, 9, 10, 103:7, 105:3, 106:6, 111:3 en 132:5. Ten opsigte van Psalm 25:14 (MT) is dit so dat die Nuwe Beryming nie die woord *b<sup>e</sup>rît* vertaal nie, maar die laaste drie strofes beklemtoon die verhouding tussen God en die bidder, wat dus wel die idee van die Hebreeuse woord weergee. In Psalm 74: 7 gee die woorde “ons, u volk” die inhoud van *b<sup>e</sup>rît* weer in die Nuwe Beryming. In Psalm 78:4 staan in die Nuwe Beryming dat die volk aan God ontrou was, wat presies neerkom daarop dat hulle nie die verbond gehou het nie. Alhoewel die woord verbond nie in Psalm 89:1 in die Nuwe Beryming staan nie, spreek die hele gedagte van die verbond met Dawid uit woorde soos trou en eed en die duur van die verhouding deur die geslagte. Psalm 111:4 gebruik ook verbondstaal sonder om die woord verbond te gebruik.

Hierdie bespreking maak dit duidelik dat die kritiek oor die wegvertaal van verbond, nie opgaan nie. Dit gaan soms uit van die gedagte dat een Hebreeuse woord altyd met een Afrikaanse woord weergegee moet word. Dit hou nie rekening met verskillende betekenismoonlikhede van een woord nie. Dit hou ook nie rekening met die konteks van die woord nie en hou ook nie rekening met die moontlikheid dat 'n saak in 'n beryming aan die orde kan kom sonder dat die betrokke woord spesifiek daar staan. Hierdie beoordeling geld vir verreweg die meeste gevalle waar die kritiek stel dat 'n spesifieke woord nie in die Nuwe Beryming staan nie. Ander vertalingsmoontlikhede en die konteks moet in 'n omvattende beoordeling in gedagte gehou word, sonder om bloot op 'n enkele woord te konsentreer.

### *5. Weglatings en Byvoegings*

Kritiek wat dikwels voorkom, is dat dele in die Nuwe Beryming of weggelaat of bygevoeg is. Soos dit uit die bespreking van Psalm 1 bo blyk, hang dit dikwels saam met die ontleding van die struktuur van 'n Psalm en die keuse van hoeveel strofes per onderdeel van die Psalm gebruik gaan word. Geen beryming van 'n afsonderlike Psalm kan heeltemal konsekwent wees wat die lengte van die beryming in verhouding tot die oorspronklike betref nie. So het bv. by Psalm 79 in beide berymings 1.6 reëls beryming per reël Hebreeus. By 'n lang historiese Psalm soos Psalm 107 het die Ou Beryming bykans vier reëls per Hebreeuse reël en die Nuwe Beryming 2.5. Dit is so dat die Ou Beryming dikwels baie uitbrei, terwyl die Nuwe Beryming eerder opsom, veral by lang historiese Psalms en Psalm 119. Aangesien dieselfde beginselbesware geld by weglating en byvoeging kan ook hier nie gestel word dat die probleem met die Nuwe Beryming van groter omvang is as met die Ou Beryming nie. By die verkorting het die Nuwe Beryming gepoog om die hooflyne van die Openbaringsgeskiedenis of die gedagtegang te behou. Natuurlik kan 'n mens verskillende standpunte kry oor die sukses van 'n spesifieke poging in die verband. Psalmberyming bly mensewerk en by beide die berymings moet 'n mens nie volmaaktheid verwag nie.

Kritiek wat stel dat hierdie woord of daardie woord nie in die oorspronklike staan nie, of in die Beryming moes staan, hou gewoonlik nie rekening met die kompleksiteit van Psalmberyming nie. 'n Voorbeeld hiervan is die beswaar dat God aan die einde van Psalm 18:1 as 'n stopwoord gebruik word (Bundel 63). Die strofe word ook as 'n voorbeeld gebruik van 'n plek waar die invoeging van die Here se naam amper lasterlik klink. Wat die strofe betref, kom Heer twee keer en God een keer voor. Die strofe is 'n beryming van verse 2-4 van die oorspronklike, waar Jahwe drie keer staan en God een keer. In werklikheid het die beryming dus een Jahwe van die oorspronklike uitgelaat. God kan nie as 'n stopwoord beskou word nie, want dit is 'n weergawe van Elohim, wat in die oorspronklike voorkom. Die probleem is eerder op die vlak van woordtoonverhouding, waar die woord "God" in die beryming meermale 'n probleem was. Hierdie probleem is een van die redes waarom Heer of Here in die Nuwe Beryming voorkom waar eintlik God moes gestaan het. Hierdie soort van kritiek hou dikwels nie rekening met die feitelike ooreenkoms van die beryming en die oorspronklike nie.

Enige beoordeling van weglatings of byvoegings gaan 'n mate van subjektiwiteit hê. Die Nuwe Beryming het konsekwent gepoog om getrou te bly aan die oorspronklike. 'n Mens kan verskil oor die mate van sukses, maar dit is onbillik om slegte bedoelinge toe te skryf aan sekere verkortings of uitbreidings.

## 6. *Messiaanse Psalms*

Die saak van die Messiaanse Psalms kom in talle van die skrywes aan die orde. Verskillende Psalms word hierby vermeld, bv. Psalm 82:6 (Bybel) en 89:13 (Bybel) wat nie in die Nuwe Beryming aangetref word nie en wat in die Nuwe Testament aan Jesus verbind word in Johannes 10:34 en Handeling 13:22 (Bundel 4). Verder word bv. verwys na Psalm 22 en 34 (Bundel 45-46, 92), 2, 24, 110 (Bundel 51, 63, 92, 93, 107), Psalm 22:2, 31:6, 41: 10 (Bundel 53, 90, 92) en Psalm 2:12 (Bundel 90). Die stuk van AB handel ook breedvoerig oor hierdie saak.



In baie van die skrywes staan dat die Nuwe Beryming in hierdie saak by die Nuwe Afrikaanse Vertaling aansluit. Dit is waarskynlik minstens ten dele reg. Daarom is dit belangrik om besluite van die Sinode oor die Nuwe Vertaling in ag te neem. Ten spyte van hierdie moontlike beswaar teen die Nuwe Vertaling het die Sinode in 1985 besluit: “4.2 Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word” (Acta 1985:576). In 1988 het daar ‘n Beswaarskrif teen hierdie besluite voor die Sinode gedien. Dit is na Studiedeputate verwys, wat in 1991 gerapporteer het. Die finale besluit was dat die Beswaarskrif in sy geheel nie slaag nie. In Beswaargrond 1.5 is aandag aan die saak van die Messiaanse gedeeltes gegee (vgl Acta 1988:288-289), met spesifieke verwysing na Psalm 110 en Jesaja 53. In die beredenering oor die punt by die Sinode van 1991, wat die grond gegee het waarom die spesifieke saak nie slaag nie, staan die volgende: “In die Hebreeuse grondteks word nie met hoofletters of op enige ander formele manier aangedui wanneer ‘n teks of (*sic in Handeling*) ‘n Messiaanse strekking het nie. Die Messiaanse karakter van ‘n gedeelte is ‘n saak van interpretasie, ook waar dit by vertaling kom. Dit was die geval by die 1933/1953-vertaling; dit is die geval by die 1983-vertaling” (Acta 1991:120). Hierdie stelling geld net so van die twee berymings. Oor interpretasie kan verskil word. In die Kommissies wat met die Nuwe Beryming gewerk het, is die saak indringend bespreek. Die Kommissies het besluit om die grondteks te volg deur die Psalms te verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het. Die Nuwe-Testamentiese gebruik van Psalms is inderdaad belangrik en ‘n saak wat in eksegeese en prediking aandag moet kry. Om sekere Psalms nie deur hoofletters as Messiaans aan te dui nie, verswak nie die openbaringshistoriese lyn wat deur die Ou Testament na die Nuwe Testament toe loop met ‘n saamtrekking in die koms van die Messias, Jesus Christus nie. As hierdie saak nie voldoende grond was vir die nie-aanvaarding van die Nuwe Vertaling nie, geld dit sekerlik ook van die Nuwe Beryming.

Die beginsel wat geformuleer kan word ten opsigte van die besware, is dat wanneer ‘n Psalmteks in die Nuwe Testament aan Christus verbind word, dit in

die Ou Testament Messiaans verstaan moet word en so met hoofletters aangedui moet word. Dit is wat die Ou Beryming doen in bv. Psalm 2 en 110. Een van die Psalm wat telkens in die verband in die kritiek genoem word, is Psalm 22. In Matteus 27:46 word Psalm 22:1 as kruiswoord gebruik. In die Ou en Nuwe Vertaling het My dus ook 'n hoofletter in Matteus. Dit is egter nie die geval in die Ou en Nuwe Beryming en Vertaling In Psalm 22 nie. Hier oortree die Ou Vertaling en Ou Beryming dus die reël. Dieselfde geld die beryming van 'n ander kruiswoord uit Psalm 31:6. Vergelyk ook Psalm 41:10 en Johannes 13:16, Psalm 78:2, Matteus 13:35, Psalm 22:18 en Matteus 27:35. Die Ou Beryming het dus ook nie die reël konsekwent toegepas nie.

Wat Psalm 110:1 betref, word ook verkeerdlik aangevoer dat die Nuwe Vertaling en die Nuwe Beryming Adonai wegvertaal. In die Masoretiese teks staan ook nie Adonai nie, maar wel adoni, wat normaalweg gebruik word as 'n aanspreekvorm vir belangrike mense. Die Septuagint het ook nie die woord vertaal met die gewone aanduiding vir Adonai (kurios) nie, maar met 'n aanduiding van die eerste persoon suffiks. Die Nuwe Testament haal dit ook so aan. Die Ou Beryming fouteer ook deur adoni met "my HEER" weer te gee, asof die oorspronklike Jahwe het.

Daar kan dus wel geredeneer word oor die moontlike Messiaanse interpretasie van 'n spesifieke teks, maar dit is nie voldoende grond om die Nuwe Beryming te verwerp nie.

### **KLOMPIE OPMERKINGS IN SAKE TAALKUNDIGE EN LITERÊRE ASPEKTE VAN DIE NUWE PSALMOMDIGTING**

Psalmomdigting is mensewerk en daar bestaan nie iets soos 'n volmaakte omdigting nie. Dit is ook ons standpunt dat die berymings van Totius en die nuwe omdigting nie teenmekaar afgespeel moet word nie. Die een is nie beter as die ander nie. Totius het deur vertaling en bewerking van 'n magtige liedereskat van die Nederlands en deur eie omdigting 'n besondere plek in die Gereformeerde

Kerk verwerf. TT Cloete en ander medewerkers het de novo 'n nuwe toevoeging daartoe gemaak. Albei die Psalmtekste het in totaal verskillende tydvakke tot stand gekom. Om 'n keuse te maak, het nie sin nie. Wie moet ons kies: Paulus of Silas? Oor die algemeen 'n paar opmerkings oor kommentaar van gemeentes en gemeentelede wat wissel van waardering tot skerp kritiek: Ons respekteer al die menings; daar is tog voorstelle wat tot verbeterings van die nuwe omdigting kan lei, wat net wys dat 'n uitgebreide Kommissie vol vakkenners ook nie volmaakte werk lewer nie.

Een kritiekpunt is dat in die Nuwe Beryming steeds argaïese woorde voorkom bv. Rig, oorstelp, ens. Daar is derduisende ou woorde in Afrikaans wat in die daaglikse omgang gebruik word. Dit sou gevaarlik wees om ouer woorde, al is daar nuwes, sommer net tot argaïsmes te verklaar. 'n Skrywer kan 'n ou woord in 'n nuwe konteks weer nuwe lewe gee. 'n Verantwoordelike beskouing sou wees om nie 'n taal se woordeskat sommerso te verminder nie. Die toets gaan oor verstaanbaarheid. In plaas van argaïsmes moet mens liever praat van Nederlandismes. Daar is talle Nederlandismes in die Totius-omdigting wat net kenners van Nederlands sal verstaan. Afrikaanssprekendes gebruik dit nie meer nie. Cloete het oor die algemeen 'n formele, moderne Afrikaanse idioom gebruik. Geen skrywer kan egter konsekwent met 'n bepaalde register volhou nie, doodgewoon omdat daardie register nie woorde vir alle omstandighede het nie. Voorbeeld soos toeverlaat en gesmaad lyk op die oog af na 'n ouer register (kerktaal), maar wat is die alternatief? Ons moet verder onthou dat lettergrepe in die vers, rymvereistes en veral teologiese korrektheid ook in die spel kom. Dit is voorts 'n feit dat ons kerktaal met ouer woorde en begrippe werk. Dit is deel van die tradisie en daarom kultuurrykdom van Afrikaans. Om dit sondermeer te vervang, kan verarming in die hand werk. Woorde soos noute, wyfel en luid mag oud klink, maar dis in daaglikse gebruik en daarom steeds nuut.

Miskien is dit ook nodig om kortliks die enorme beperkinge waarbinne die omdigting moet werk, te stel.

Behalwe Skrifgetrouheid, dogmatiese suiwerheid, letterkundige gehalte en taalkorrektheid is daar die eise van die musiek; laasgenoemde bepaal onder meer die klem op woorddele, dus die versnitme asook die rym. Daarom is dit onvermydelik dat jy soms ongewone woordorde en sinskonstruksie sal kry ( wat natuurlik nie ongewoon in die poësie is nie en selfs woorde wat sommiges “stopwoorde” sal noem, ander diskoersmerkers: bv. ook, dan, o Heer, ens.

Die Deputate is daarvan oortuig dat daar binne ons tradisie ruim plek is vir die Totius- en die nuwe omdigting. Om die een literêr en taalkundig teen die ander af te speel, of om in kampe te verdeel en op swakhede in die onderskeie bewerkings te wys, ten einde ‘n keuse vir ‘n bepaalde omdigting te laat seëvier, is kontra-produktief en dien geen doel nie, behalwe om verdeeldheid in die hand te werk.

Totius het na die verskyning van sy omdigting in 1937 veel lof uit kerk en letterkundige kringe gekry. Daar is selfs ‘n doktorsale proefskrif daarvoor geskryf nl. (prof) JL Steyn wat onder prof. G Dekker gepromoveer het. TT Cloete het vir sy omdigting die ATKV-prys en 2 akademiese toekennings ontvang, nl. Die Andrew Murray-prys en die Pieter van Drimmelen medalje . Op al drie pryskomitees was vakkeners die beoordelaars. Hiermee wil ons sê dat die status van die twee berymings bo verdenking is. En albei kan met groot seën in ons kerk gebruik word.